Inleiding tot die Resolusies van die Politieke Raad van die Kaap die Goeie Hoop

Dr. Helena Liebenberg, Kaapstad

CONTENTS

INHOUDSOPGAWE **3**
Die Resolusies 4
Konteks: Geskiedenis van die Kaap die Goeie Hoop 5
Soektogte in die Resolusies 6
RESOLUSIES VAN DIE POLITIEKE RAAD **8**
Voorbeeld van ’n Raadsvergadering 8
Struktuur van ’n Raadsvergadering 9
Herkoms van die teks 11
Taal van die Resolusies 12
Woordelys (Glossarium) 13
Beskikbaarmaking van die Resolusies in gedrukte vorm 14
Beskikbaarmaking van die Resolusies in digitale vorm 15
Transkripsie- en redigeringsbeleid 16
Voetnote 17
BRONNEGIDS **18**
Hoofbronne 18
Gedrukte bronne 19
Woordeboeke 22
Internetadresse 23
Suid-Afrika 23
Nederland en elders 25
Woordeboeke 27
GESKIEDENIS VAN DIE KAAP DIE GOEIE HOOP **28**
’n Portugees vind die seeweg van Europa na Indië 28
Die Kaap en die stigting van die VOC 29
Nederlanders en Engelse saam in Tafelbaai 30
’n Nederlandse fortjie in 1647 31
Eerste Resolusie in 1651 op see geneem 32
VOC-regeringstrukture aan die Kaap 33
Die Politieke Raad 33
Benamings van funksionarisse 35
VOC-bevelvoerders aan die Kaap die Goeie Hoop 36
Plakkate, statute en ordonnansies 37
Plaaslike bestuur 38
Inwoners van die Kaap die Goeie Hoop 39
Inheemse stamme 39
VOC-dienaars 41
Vryburgers 43
Slawe 45
Bandiete 47
Bannelinge 48
Plekname in die Resolusies 49
Die pleknaam Kaap die Goeie Hoop 50
Plekname van Khoi-herkoms 51
Plekke na lede van die Politieke Raad vernoem 53
Enkele Oosterse plekname 54
Skeepvaart om die Kaap die Goeie Hoop 55
Ekspedisies na ander gebiede in suidelike Afrika 56
Enkele togte in die Resolusies genoem 57
VOC-handelspos/-fort by Rio de la Goa, Mosambiek (1720-1729) 58
Britse oorname van die Kaap die Goeie Hoop 59

INHOUDSOPGAWE

Lees hier

- waarna die Resolusies van die Politieke Raad verwys,
- die konteks waarbinne dit geneem is (Geskiedenis van die Kaap die Goeie Hoop) en
- die wyse waarop dit ten beste geraadpleeg kan word.

Op die TANAP-webblad verskyn ’n landkaart uit ongeveer 1730, waarop die name van plekke en inheemse volke van Suid-Afrika weergegee word.

Die Resolusies

Die Kaap die Goeie Hoop geleë aan die suidpunt van Afrika, was ’n strategiese plek op die handelsroete tussen Nederland en Asië vir die voorsiening van vars water en voedsel aan die skepe. Om dié belang te beveilig, het die Vereenigde Oostindische Compagnie (VOC) in 1652 ’n nedersetting hier gevestig en ’n fort gebou. Die aanvanklik klein vestiging het wat inwonertal en grondgebied betref langsamerhand vergroot, en met die beëindiging van die VOC-beheer in 1795 was dit al ’n uitgebreide kolonie.

Die ***Politieke Raad*** was die hoogste gesag van die VOC aan die Kaap die Goeie Hoop. Die Raad het alle probleme bespreek en besluite geneem om die VOC-vestiging te bestuur. Die verslae van hierdie vergaderings word ***Resolusies*** genoem.

Vir byna een en ’n halwe eeu het die Politieke Raad derduisende bladsye met miljoene woorde volgeskryf oor ’n wye verskeidenheid sake rakende die alledaagse bestaan aan die Kaap. Van alles en nog wat het in die Resolusies tereggekom, onder andere die administrasie, regstelsel, wet en orde, onderwys, godsdiens, inwoners, slawe, besoekers, skepe en hul vrag, verdediging, gesondheidsdienste, voedsel, arbeid, handel (invoer, uitvoer en ruilhandel), diplomatieke betrekkinge, ontdekkingstogte, wind en weer op see en land, boerderybedrywighede, diere, natuurbewaring, grondkwessies, leenplase en finansies. Die Resolusies vorm die ruggraat van die geskrewe bronne van die vroeg moderne Suid-Afrika.

Voordat u begin rondblaai op soek na inligting wat u as geskiedkundige, genetikus, genealoog, taalkundige, seevaartkundige, skeepsbouer, natuurkundige, weerkundige, medikus of wie ook al sal interesseer, kan u kyk na ’n voorbeeld van ’n Raadsvergadering en hoe die struktuur van ’n Raadsvergadering daar uitsien. Vervolgens word die herkoms van die teks en die taal van die Resolusies beskryf. Om die lees van die 17e- en 18e-eeuse Nederlandse tekste te vergemaklik, kan u die woordelys raadpleeg.

Vanweë die groot inligtingswaarde van die Resolusies is een deel vroeër in gedrukte vorm uitgegee. Nou het die TANAP-program dit moontlik gemaak om die oorblywende Resolusies (1744-1795) te transkribeer en saam met die reeds gedrukte Resolusies te digitaliseer en op die Internet beskikbaar te stel. Die transkripsie- en redigeringsbeleid wat vir die Resolusies van 1744-1795 gevolg is, verskil egter van dié vir die gedrukte Resolusies van 1651-1743.

Die gedrukte Resolusies (1651-1743) is voorsien van voetnote, wat in die digitale aanbieding oorgeneem is. Die finansiële middele het egter ontbreek om die oorblywende teks (1744-1795) te annoteer. Let op dat daar in die voetnote deurentyd na die verouderde inventarisnommers verwys word. In die argiefinventaris van die Politieke Raad word 'n volledige vergelykingstabel van vorige en huidige bandnommers verstrek.

Indien u nadere ondersoek oor die geskiedenis van die VOC aan die Kaap die Goeie Hoop, die Resolusies of ander argiefbronne wil doen, kan u die bronnegids raadpleeg.

Konteks: Geskiedenis van die Kaap die Goeie Hoop

Uiteraard kan die Resolusies slegs begryp word binne die konteks van Suid-Afrikase geskiedenis. Gevolglik word die stigting van die Kaap die Goeie Hoop eerste in die Inleiding beskryf. Dié geskiedenis begin eintlik in 1486 met die Portugese ontdekkingsreisigers. In hul spoor volg ook Nederlandse koopliede wat hul fortuin in Asië gaan soek het. 'n Poging van Engelse koopliede om hulle aan die Cabo de Boa Esperance te vestig, misluk. Nadat 'n Nederlandse skip in 1647 in Tafelbaai strand, het die idee ontstaan om 'n blywende verversingspos hier te stig. Vier jaar later vaar drie Nederlandse skepe met hierdie doel na die suidpunt van Afrika en die nedersetters bou die Fort de Goede Hoope.

Vervolgens word die plaaslike bestuurstruktuur van die VOC geskets. Die Politieke Raad was die hoogste gesag. Die take is verdeel tussen verskillende funksionarisse. Om ondersoekers behulpsaam te wees, is daar in die Inleiding 'n lys met al die VOC-bevelvoerders aan die Kaap opgeneem. Die verteenwoordigers van die VOC het oor wetgewende bevoegdhede beskik. Aangesien die Kolonie so vinnig gegroei het, het daar vir die dorpie Cabo die behoefte aan 'n plaaslike bestuur volgens die Nederlandse voorbeeld, ontstaan.

In die Inleiding word ruim aandag aan die verskillende bevolkingsgroepe van die Kaap die Goeie Hoop, naamlik die inheemse stamme, VOC-dienaars, vryburgers, slawe, bandiete en bannelinge bestee.

Voorts word gekyk na die talle plekname wat in die Resolusies voorkom: die verskeidenheid benaminge vir die Kaap self, plekname van Khoi-herkoms, plekke na lede van die Politieke Raad vernoem, en enkele Oosterse plekname.

Nadat aandag gegee is aan sowel die skeepvaart om die Kaap, as ekspedisies na ander gebiede en die VOC-vestiging in Mosambiek (Rio de la Goa), word die VOC-geskiedenis in Suid-Afrika met die Britse magsoorname in 1795 afgesluit.

Soektogte in die Resolusies

Die soekfunksie is een groot voordeel van ’n digitale publikasie. Die Resolusies bevat ongeveer ses en ’n half miljoen woorde! Deur middel van ***Free search*** kan die ondersoeker op elke term of naam soek. Hou in gedagte dat daar in die VOC-jare nie ’n vaste skryfwyse bestaan het nie. Gevolglik is die letters C en K, F en V, S en Z, T en D, I en J, en EI, Y en IJ deurmekaar gebruik; selfs in één reël is woorde afwisselend geskryf, byvoorbeeld *uij* of *ui* en *eij* of *ij*. Die ondersoeker moet dus ter wille van veiligheid en volledigheid verskillende skryfwyses probeer, en in die geval van ’n weinig voorkomende letterkombinasie by voorkeur slegs na een deel van ’n woord soek. In ’n ondersoek na *slavernij* moet daar byvoorbeeld na *slaaf*, *slaav*, *slaef*, *slaev*, *slav* en *slaf* gesoek word. ’n Mens moet vanselfsprekend ook soek na ’n ander woord wat in die VOC-tydperk as sinoniem vir ’n bepaalde woord gebruik is, soos die term *lijfeigene* vir slaaf. Selfs na ’n soektog van verskillende letterkombinasies, soos *lijfei*, *lijvei*, *lijfey*, *leifei*, *leijfei*, *leijfey*, *leyfey*, *leyfei*, *leyfeij* en *lyfeij* is hierdie reeks nog nie eers volledig gedek nie. Daar word heelwat spelverbeelding geverg om al die moontlik verbandhoudende woorddele te bedink.

Om die soektog verder te vereenvoudig, is die ***skeepsname*** en ***geografiese aanduidings (plekname)*** afsonderlik gekodeer. Omdat dié name nie genormaliseer is nie, kom hier ook uiteenlopende skryfwyses voor. So byvoorbeeld word een skeepsnaam op ’n verskeidenheid wyses gespel: *Boekenrode, Boekenroode Boekkenrode, Bouckenroode, Boukenrode, Boukenroode* en *Boukenrooden*; dieselfde geld plekname, byvoorbeeld *Graaf Rynet*, *Graaf Rynet*, *Graaff Reijnet*, *Graaff Rijnet*, *Graaffe Reinet*, *Graaffe Rijnet*, *Graaffe-Reijnet*, *Graaffe-Reinet*, *Graaff-Rijnet* en *Graaf-Reijnet*.

Wat die ***geografiese aanduidings*** betref, moet die ondersoeker weet dat veelvoorkomende name (met alle skryfvariasies) soos Kaap die Goeie Hoop, Batavia, Asië, Indië, Afrika, Java, Holland, Zeeland en Nederland, asook *Caabsche*, *Oostindische*, ens. nie gekodeer is nie, aangesien sulke plekaanduidings tydens soektogte op tallose niksseggendhede sou neerkom. Ook die plekname Amsterdam, Middelburg, Hoorn, Enkhuizen, Delft en Rotterdam is nie gekodeer wanneer hulle op die VOC-Kamers betrekking het nie. Voorts is skynbaar geografiese aanduidings, soos Mardyker (vrye Christen) en Moor (meestal vir ’n Moesliem gebruik) ook nie geëtiketteer nie. Ten slotte is taalname, byvoorbeeld *Fransch* nie gekodeer nie; dieselfde geld taalaanduidings, soos *fransche* in *fransche brief*, aangesien dit kwalik enige geografiese verwysing het. So hoef ’n Franse brief nie net uit Frankryk afkomstig te wees nie, maar is dalk deur ’n Engelsman wat Frans magtig was aan die Kaap die Goeie Hoop geskryf.

Wat wel gekodeer is, is afleidings en byvoeglike vorme van geografiese aanduidings soos *brittanische* in *brittanische Majesteit* en *Namaquase* in *Namaquase natie*. Bowendien is die name van vestingwerke voorafgegaan deur die soort versterking, soos *Fort St.George*, wel gekodeer.

Persoonsname is nie afsonderlik gekodeer nie, vanweë die enorme aantal en uiteenlopende aanduidings en skryfwyses daarvan. Normalisasie sou te tydrowend en duur wees, maar met behulp van die ***free search***-opsie kan ’n mens wel suksesvol na persoonsname soek.

Vanselfsprekend kan daar ook gesoek word na ***jaar*** (1651-1795) en ***inventarisnommer*** (C.1 tot C. 231). Sodoende word al die Resolusies uit één bepaalde jaar of alle Resolusies wat in één argiefband opgeneem is, gevind.

In die Inleiding word deurentyd na die argiefbande C. 1 tot en met C. 231 verwys. Hierdie verwysings kan in die soekmodule onder die soekopsie ***reference number*** gevind word. C. verwys na Council of Policy, die Argief van die Politieke Raad waarvan die Resolusies deel uitmaak.

Daar word ook in die Resolusies na die **Haagse Kopie** (H.K.) en **Koloniaal Archief** (Kol. Arch.) verwys. Die Haagse Kopieë in die Kaapstad-Argiefbewaarplek, is afkomstig van die Nationaal Archief van Nederland om die ontbrekende Resolusies in die Kaapse reeks aan te vul. *Koloniaal Archief* is ’n verouderde aanduiding van ’n argiefafdeling van die Nationaal Archief van Nederland waarvan die VOC-argief intussen afgeskei het, en in argiefinventaris 1.04.02 beskryf word.

Alle argiefstukke van die VOC is in inventarisse beskryf. Die VOC-inventarisse, sowel die uit Suid-Afrika as uit Nederland, Indonesië, Sri Lanka, Indië, Maleisië en die Verenigde Koninkryk kan op die Internet geraadpleeg word. Van talle bande met VOC-argiefstukke is daar op die Internet selfs meer gedetailleerde beskrywings beskikbaar. Hierin is eweneens baie inligting oor die Kaap die Goeie Hoop te vind.

Dit is menslik om jou te vergis. Tydens die bewerking van die Resolusies is soms foute gemaak; gevolglik word die digitale dokumente waar nodig verbeter. Alle verbeteringe, asook op- en aanmerkings deur gebruikers word hoog op prys gestel!

RESOLUSIES VAN DIE POLITIEKE RAAD

Voorbeeld van ’n Raadsvergadering

Die volgende kort notule wat as voorbeeld dien, bevat nommers tussen hakies wat aan die hand van die uiteensetting wat hierna gegee word, selfverklarend is:

Reference code: C. 125, pp. 80-83. (1)

Donderdag den 16: maart 1747. (2)

’s Voormiddags alle present. **(3)**

(4a) Geleesen sijnde seekere verclaaring door den Constapel deeses Casteels verleend Weegens seekere Agt. Duijzend lb Buscruijt in ’s Comp:s kelders alhier berustende waarvan door het lang leggen de Swavel en Salpeter van tijd tot tijd is uijtgeloopen dog nu nog bequaam is om gerepareert en vermaald te worden; **(4a) (4b)** Is op het voordragen van den Heer Gouverneur verstaan, dat het selve Buscruijt ten eijnde als gemeld bij partheijen na Batavia sal gesonden Worden; **(4b) (4a)** Luijdende boven gemelde verclaaring aldus.

> Ek ondergeteekende Willem Willemsz: Constapel deeses Casteels, verklaare datter in ’s Comp:s kruijtkelders alhier werden bevonden Agt duijzend ponden Buscruijt, waarvan door het lang Leggen de Salpeeter en Swavel van tijd tot tijd is uijtgeloopen, dog dat, dat Buscruijt des niettemin voor als nog bequaam is, om gerepareert en vermaald te worden (:onderstond:) In ’t Casteel de Goede Hoop den 16 maart 1747. (:Was geteekent:) Willem Willemse. **(4a)**

(5) Nog is goedgedagt dat de Vonnissen der Bannelingen dewelke jaarlijx van Batavia en **Ceijlon** herwaarts worden gesonden, soo die dewelke bereijts ter Secretarije van Politie sijn berustende als die dewelke sullen aangebragt worden, voortaan ter Justitieele Secretarije deeser Gouvernements als sulx met de gevoeggelijkheijd best over een komende sullen bewaard worden.
Terwijl wijders tot Oppermeester op het aanweesende Schip de **Hoop** in Steede van den daarop, op de reijse overleedene is aangesteld den daarmeede uijtgekomenen ondermeester Jan van den Berg; in wiens plaatse als ondermeester opgetreeden sijnde den derdemeester Jan Gerrard Meijer, soo is weeder tot derdemeester op die kiel bevordert den soldaat Johan Leonard Mitski, als sijnde alle daartoe bequaam bevonden, dog dit alles op de nadere Approbatie van de heeren van de hooge Indiaasse Regeering van dewelke deese geadvanceerde persoonen de gagiën tot haare resp: bedieningen staande ook sullen moeten versoeken. **(5)**

(6a) Aldus Geresolveerd ende gearresteerd In ’t Casteel de Goede Hoop, Ten Dage en Jaare Voorsz: **(6a)**

(6b) H:k Swellengrebel
R Tulbagh
P: Reede van Oudshoorn
I: Meinertzhagen
R S Allemann
N:s Heijning
C Brand
Corn.s Eelders
J:s degrandpreez R:t en Secret:s
J:s Moller **(6b)**

Struktuur van ’n Raadsvergadering

Die notule van ’n Raadsvergadering het ’n redelik vaste en heel geordende struktuur gehad. Die sake wat bespreek is en die resolusies (besluite) wat genotuleer is, het die inhoud van ’n vergadering gevorm. Ter wille van goeie administrasie was daar ook bepaalde sake wat deur die loop van ’n jaar tydens Raadsvergaderings aan bod móés kom.

Die bronverwysing van elke Resolusie word as eerste inligting verstrek. Daarna volg die notule van die betrokke vergadering. Die volgende is afdelings wat aan die hand van die inhoud van die genotuleerde sake en die bespreking daarvan deur die Raad, in duidelike kategorieë onderskei kan word:

(1) *Verwysingskode (bandnommer)*

(2) *Dagnaam en datum van vergadering*
Indien daar verskillende sessies per dag was, is die oggend-, middag- en aandvergadering aangedui.

(3) *Presensielys*

(4) *Teks van besprekings van bepaalde sake en die besluite of resolusies wat tydens die vergadering daaroor geneem is*

(4a) In voorgaande notule is die woordelikse versoekskrif van konstabel Willem Willemsz. opgeneem. In die oorgrote meerderheid Raadsnotules vorm volledige verslae, ens. wat aan die Raad vir bespreking, goedkeuring en/of besluitneming voorgelê is, bylaes tot die notule.
(Die bylaes kan by die Kaapstad-Argiefbewaarplek onder inventarisnommers C. 1 tot C. 2776 geraadpleeg word; besoek ook http://www.tanap.net/_EAD_findingaids/kaapstad/council/index.html)
Sodanige bylaes, onder andere finansiële state van gemeentes, “memories”, opgawes van bates en laste, ontvangde briewe, waaronder briewe in vreemde tale geskryf en gewoonlik vergesel van vertalings daarvan, versoek-, beswaar- en smeekskrifte, “extracte”, verslae oor ’n verskeidenheid sake, skeepsaangeleenthede, ens. is waar nodig onderteken (handtekening; of kruis as merk indien die persoon ongeletterd was) en van ’n datum en plek van ondertekening voorsien.

(4b) In die notule volg die besluit/resolusie van die Raad oor die betrokke saak gewoonlik direk hierna. In voorgaande notule gaan die resolusie die verklaring egter vooraf.

(5) *“Algemene sake”*
In voorgaande notule handel die sake oor bannelinge en skepe.

(6) *Slot*, bestaande uit

(6a) ’n vaste bewoording waarin die plek van vergadering (Fort, Fortresse/Casteel, Cabo de Goede Hoop) gemeld word, gevolg deur

(6b) ’n lys handtekeninge ondermekaar van Raadslede en die Sekretaris.
Wanneer hoë besoekende gaste en VOC-dienaars ’n Raadsvergadering bygewoon het, volg hul handtekeninge hiërargies volgens rang en senioriteit.

Voor in sommige bande verskyn die “Marginalia” wat as inhoudsopgawe van die betrokke jaar se vergaderings dien. Die inhoudsopgawe is saamgestel uit kleingeskrewe kantaantekeninge wat waar nodig in die betrokke band gemaak is. Dit bied ’n kort oorsig van die belangrikste sake wat tydens elke Raadsvergadering ter tafel gelê is en die betrokke resolusie(s) daaroor. Die “Marginalia” is nie in die digitale voorstelling van die Resolusies opgeneem nie, aangesien dit vinniger en volledige met die soekmodule geraadpleeg kan word.

Herkoms van die teks

Saam met ander waardevolle dokumente uit die dae van die Kompanjie het die Resolusies van die Politieke Raad by die Sekretaris berus en is eers in die Fort en later in die Kasteel bewaar. Vyf jaar nadat die Kaap finaal in die hande van Engeland oorgegaan het, is die amptelike stukke na die Ou Hooggeregshof (in die voormalige slawelosie) oorgebring.

Toe die Kaapse Goewerneur, sir Henry Barkly, in 1876 ondersoek na die toestand van die dokumente uit die Kompanjiestydperk laat instel het, is dit van regter J.C. Fitzpatrick se kamer na ’n brandvrye kamer in die kantoor van die Landmeter-generaal verplaas. Daar het dr. J.W.G. van Oordt die eerste inventaris van die versameling opgestel. Toe ds. H.C.V. Leibbrandt as Bibliotekaris van die Kaapse Wetgewende Vergadering en “Keeper of the Archives” die dokumente onder sy toesig gekry het, is dit weer geïnventariseer en na die sogenaamde “Record Rooms” van die Parlementêre Biblioteek oorgeplaas. Die eerste verslag vanuit hierdie nuwe tuiste is op 9 April 1883 deur Leibbrandt geskryf.

Na ds. Leibbrandt se aftrede in 1909 as “Keeper of the Archives” is dr. C. Graham Botha aangewys om toesig oor die dokumente te hou. Met die sentralisering en uitbreiding van die argiefwese het dr. Botha in 1919 Hoofargivaris geword en in 1934 het die dokumente ’n beter bêreplek gevind in wat voorheen die Universiteitsgebou in Koningin Victoriastraat was. Onder hierdie dokumente was ook die Resolusies van die Politieke Raad. Aan die einde van 1989 het die Kaapse Argief na die huidige doelontwerpte gebouekompleks in Roelandstraat verskuif, en staan sedertdien as die Kaapstad-Argiefbewaarplek / Cape Town Archives Repository bekend.

Die Resolusies is op foliovelle van duursame 17de- en 18de-eeuse papier geskryf. Omdat die folio’s aan albei kante beskryf is, slaan die bruin ink soms plek-plek deur en bemoeilik dikwels die lees van die bron. Die handskrifte van die vroeë dokumente is aanvanklik moeilik leesbaar, omdat Gotiese skrif destyds gebruik is. Sedert die begin van die 18e eeu word die skrif mettertyd makliker om te lees en te verstaan.

Met die uitsondering van Van Riebeeck se handskrif, kan nie met sekerheid gesê word aan wie die steeds wisselende handskrifte van die Resolusies behoort het nie. Met behulp van briewe in Jan van Riebeeck se handskrif, is bewys dat hy die Gebed en die Resolusies van die eerste drie vergaderings wat aan boord van die *Drommedaris* gehou is, self opgeteken het. Na aanleiding van hierdie bevinding wil dit voorkom asof ook die grootste gedeelte van die Resolusie van 28 Maart 1657 deur hom geskryf is. Hy het telkens in sy handskrif korreksies in die skribente se werk aangebring.

Die “scribenten”, ook “borsten van de pen” genoem, was assistente werksaam in die “Sekretarie” waar hulle die Resolusies onder toesig van ’n sekretaris geskryf het. In 1657 was daar vier “borsten van de pen” ofte wel penniste. Die duur van die tydperk wat die penniste aan die Resolusies geskryf het, was uiteenlopend, en soos ander Kompanjiesdienaars is hulle dikwels oorgeplaas of bevorder na ander funksies. Dit het egter herhaaldelik voorgekom dat die sekretaris na ’n dienstermyn van een of twee jaar van werkkring verander. Bekwame sekretarisse het self lede van die Politieke Raad geword. Soos uit die handtekeninge onder aan die Resolusies gesien kan word, was daar tot 9 Desember 1667 nege sekretarisse. Wat die skrif betref, het minstens 25 penniste mekaar gedurende hierdie jare opgevolg. Slegs ’n paar het die taak langer as ’n jaar verrig, en net een het langer as drie jaar in sy pos as skrywer van die Resolusies gebly.

Taal van die Resolusies

Die taal wat algemeen gedurende die VOC-tydperk aan die Kaap gepraat is, was 17e-eeuse Nederlands, ouer taalvorm van hedendaagse Nederlands van Nederland en Vlaandere, en van Afrikaans wat grotendeels in Suid-Afrika gepraat word. Vir ’n Nederlands- en/of Afrikaanssprekende behoort die taal van die Resolusies redelik verstaanbaar te wees.

Die VOC was ’n Nederlandse onderneming wat vanselfsprekend die Nederlandse taal as kommunikasiemedium op sy skepe en nedersettings voorgeskryf het; dit was die taal van sy administrasie en regspraak, en van die onderwys en die kerk in die nedersettings. Nie-Hollandse personeel van die Kompanjie, insluitend slawe, moes Nederlands leer; in die Resolusies verskyn soms van hul heel goeie pogings. Vandaar ook die gebruik om name, uitdrukkings en begrippe deur nie-Nederlandsgebore personeellede, vryburgers, slawe en Khoi te vernederlands. So byvoorbeeld is Duitse name, soos *Heinrich*, *Peter* en *Wilhelm* dikwels vernederlands tot *Hendrik*, *Pieter* en *Willem*, en Duitse vanne soos *Holzhausen* tot *Houthuijs* (25 Febr. 1744, C. 122).

Aansluitend hierby is korrespondensie in vreemde tale eers in “Neederduijtsch” of die “Hollandse Taal” vertaal voordat die betrokke sake in die Raad bespreek is. Die volgende is twee van talle sodanige voorbeelde: Die opperstuurman van die Deense skip, *Koning van Deenemarken*, lê aan die Politieke Raad ’n “schriftuur” voor waarvan die “vertolking uijt ’t Deens in ’t Neederduijtsch word voorgedragen” (4.6.1744, C. 122); ’n brief in Portugees is op 6 Oktober 1759 deur die “Logieschrijver” J.J. Warneck in Nederlands vertaal (30.10.1759, C. 137).

Uit die Kaapse Nederlands het Afrikaans mettertyd ontwikkel. Vandag deel Afrikaans en Nederlands steeds 85% woordeskat. Die oorblywende 15% woorde ten opsigte waarvan die twee tale verskil, bestaan uit dieselfde woorde met betekenisse wat in die onderskeie tale algaande verander het, eieskeppings, en leenwoorde wat nie gedeel word nie. In Afrikaans is woorde waar nodig en bruikbaar uit inheemse tale (Khoi, bv. *karos*, *abba* en *gogga*, en ander Afrikatale, bv. *mamba*, *lapa* en *makietie*), asook ’n hoeveelheid uit die Ooste (o.a. *atjar*, *piekel*, *baklei*, *piesang*, *lemoen*, *blatjang*, *kiaat* en *piering*) geleen. Daar is ook woorde uit die 17e-eeuse seemanstaal in Afrikaans opgeneem, byvoorbeeld *kombuis* (1656, C. 1), *kooi* (1657, C. 1) en *kombers* (1687, C. 19). Vanuit ’n taalhistoriese oogpunt beskik die Resolusies oor besondere taalmateriaal.

Woordelys (Glossarium)

Daar is talle woorde wat dikwels in die Resolusies voorkom, maar waarvan die betekenisverklaring soms nie in hedentydse Nederlandse bronne gevind word nie, of moeilik opspoorbaar is. Agter in elk van die gedrukte bande verskyn gevolglik ’n lys met sodanige woorde en hul betekenis(se) binne die 17e- en 18e-eeuse omgewing. By die opstel van hierdie verklarende woordelyste of glossariums is hoofsaaklik van die Woordenboek der Nederlandsche Taal gebruik gemaak, hoewel die betekenisverklarings in Afrikaans verstrek word. Vir die digitale aanbieding is die tien afsonderlike woordelyste/glossariums se inhoud onder andere versoen, herhalings geskrap, trefwoorde onderskei, en waar nodig is die betekenis uitgebrei.

Beskikbaarmaking van die Resolusies in gedrukte vorm

Die eerste uitgawe van ’n deel van die Resolusies het in 1898 verskyn en is deur ds. Leibbrandt versorg. Op die voorblad staan vermeld dat dit die “Resolutiën van den Commandeur en Raden van Het Fort de Goede Hoop, 1652-1662” bevat. Die publikasie eindig egter met die Resolusie van 20 April 1658 en geen verduideliking van hierdie teenstrydigheid word in die voorwoord gegee nie.

Die enigste ander publikasie waarin die Resolusies voorgekom het, is die *Kaapse Archiefstukken, 1778-1782* wat onder redaksie van mej. M.K. Jeffreys gedurende die jare 1926 tot 1938 deur die Unieargief uitgegee is. Daarin is die Kaapse Resolusies van 1778 tot 1783 saam met ander dokumentreekse opgeneem.

Ten einde die Resolusies van die Politieke Raad as uiters belangrike geskiedkundige bron aan ’n groter gehoor bekend te stel, het die destydse Suid-Afrikaanse Staatsargiefdiens in die vyftigerjare besluit om dit volledig uit te gee as onderdeel van hul publikasieprogram van oorspronklike argivale bronne. Tussen 1957 en 1984 het daar gevolglik tien dele van die Resolusies van die Politieke Raad (1651-1743) onder redaksie van onderskeidelik dr. A.J. Böeseken en dr. G.C. de Wet in druk verskyn, maar moes in die tagtigerjare vanweë ’n geldnood gestaak word.

Afgesien van die belangrikste argiefbewaarplekke en biblioteke in Suid-Afrika en ander lande in Suider-Afrika, kan eksemplare van die gedrukte reeks vandag onder meer ook in die Library of Congress in Washington en die Public Record Office in Londen geraadpleeg word. In Nederland kan dit geraadpleeg word in die Nationaal Archief in Den Haag, die Suid-Afrikaanse Instituut in Amsterdam en enkele universiteitsbiblioteke.

Beskikbaarmaking van die Resolusies in digitale vorm

Die digitale beskikbaarmaking van die Resolusies het geskied met geld wat die Nederlandse Regering uit die internasionale kultuurbegroting (HGIS) in die kader van die program *Towards A New Age of Partnership* (TANAP) bewillig het. Die TANAP-projekte is ’n gesamentlike poging van die Nationaal Archief in Den Haag en die Rijksuniversiteit van Leiden om die VOC-argiewe wêreldwyd beter te bewaar, toeganklik te maak en te bestuur.

Tydens samesprekings in 1999 met personeel van die Kaapstad-Argiefbewaarplek het ’n besoekende TANAP-span die hervatting van die publikasie van die Resolusies as die hoogste prioriteit van Suid-Afrika se deelname aan die TANAP-program geïdentifiseer. Daar is besluit dat dit ’n digitale projek word, waardeur sowel die reeds gedrukte Resolusies (1651-1743) as die tot nog toe ongetranskribeerde Resolusies (1744-1795) op die Internet beskikbaar gestel gaan word.

Die hoof van die Kaapstad-Argiefbewaarplek het die transkriberingsprojek gekoördineer en die kantoorgeriewe voorsien, terwyl die Stichting Huis der Nederlanden die begrotings geadministreer en die kontrakte met die personeel hanteer het.

Die omskakelingsprojek het die skandering van die reeds gedrukte Resolusies, asook die proeflees en verbetering van hierdie inligting hanteer. Verder is al die dokumente omgestel in die internasionale platform onafhanklike XML-formaat (*eXtensible Markup Language*), waarby die kodering/etikettering volgens die internasionaal erkende TEI-standaard (*Text Encoding Initiative*) uitgevoer is. Die tegniese uitvoering is versorg deur die Sentrum vir Besigheids- en Taaldiens (Bellville, Suid-Afrika) wat ook die transkribeerders in XML en TEI opgelei het.

Transkripsie- en redigeringsbeleid

Die transkripsie van die regstreeks gedigitaliseerde Resolusies (1744-1795) wyk af van dié van die vroeër gedrukte Resolusies (1651-1743).

Beleid vir die gedrukte Resolusies (1651-1743)

1. Aan die hand van onder meer die "Regels voor het uitgeven van historische bescheiden" deur die Historisch Genootschap (Utrecht) wat in 1954 verskyn het, is bepaalde reëls vir die behandeling van die 17-eeuse VOC-teks opgestel en in 1957 deur die Argiefkommissie goedgekeur.
2. Buiten die gebruik van hakies (sien 3.), is reëls ten opsigte van spelling, leestekengebruik, los en vas skryf van woorde, hoof- en kleinletters, en afkortings geformuleer.
3. Die volgende het ten opsigte van die gebruik van hakies en ander leestekens gegeld:
   - ( ) is geplaas om woorde, frases of sinne wat in die oorspronklike teks tussen hakies staan.
   - [.....] weerskante van vyf punte dui leemtes aan wat deur skade aan die oorspronklike teks ontstaan het.
   - < > dui dele aan wat tydens transkripsie aangebring is. (Vanweë die XML-kodering is < > tydens digitalisering deur [ ] vervang.)
   - ... is gebruik waar weglatings in die oorspronklike teks voorkom, of waar dit onmoontlik was om die beskadigde teks aan te vul.
   - – – – is gebruik waar gedeeltes wat volgens die redakteur onbelangrike besonderhede bevat, weggelaat is en in die betrokke voetnote verklaar word. Dit het helaas dikwels betrekking op teksdele met opsommings van persoonsname (bv. 'n lys name van siek matrose op 'n Deense skip). Dit is wenslik dat hierdie leemtes in die toekoms gevul word.

Beleid vir die regstreeks gedigitaliseerde Resolusies (1744-1795)

Die twee redakteurs het besluit om die tekste te laat transkribeer presies soos dit in die oorspronklike dokument geskryf is, dus met leestekens, skryf-, spel-, taal- en ander foute, byvoorbeeld van feite, datums, ens. soos dit geskryf is, sonder enige verandering of byvoeging. Hierdie beleid het voor- en nadele. Die normalisering van woorde en die uitskryf van afkortings beteken altyd 'n persoonlike interpretasie van die teks. Vanweë die gekose werkwyse beskik die ondersoeker oor 'n neutrale presiese kopie van die oorspronklike teks. Die ondersoeker moet wel bedag wees op ongebruiklike woordbeelde (bv. gesonden Worden en in Steede van in die notule aan die begin van die Inleiding, asook voorbeelde soos *geExcuSeerd, VerEijschte* en *geCommitteerd* wat op ander plekke in die Resolusies voorkom). Die leesproses kan verder bemoeilik word deur die los skryf van dele van samestellings of samestellende afleidings (veral voor- en agtervoegsels los van die woordstam), die aaneenskryf van woorde wat nie byeen hoort nie, die gebruik van leestekens waar dit nie verwag word nie, en die gebruik van onbekende afkortings.

Voetnote

Die tien gedrukte bande met Resolusies uit die jare 1651-1743 is ryklik van voetnote voorsien. Behalwe in die voetnote wat ontstaan het as gevolg van ’n vergelyking van die Haagse Kopie met die Kaapse Resolusies, word in die voetnote verwys na dokumente wat in die teks genoem is. Al hierdie bronne kon in die Kaapstad-Argiefbewaarplek opgespoor en kan daar geraadpleeg word. Besonderhede in verband met amptenare wat die Kaap vir korter of langer tye besoek het, kan by die Nationaal Archief van Nederland verkry word. Daarna word verwys as **Kol. Arch**. (Koloniaal Archief) met die nommer waaronder dit in Den Haag gevind kon word. *Koloniaal Archief* is egter ’n verouderde aanduiding van ’n argiefafdeling van die Nationaal Archief van Nederland waarvan die VOC-argief intussen afgeskei het, en in argiefinventaris 1.04.02 beskryf word. Alle ander verwysingsnommers is in die Kaapstad-Argiefbewaarplek te vind. Biografiese besonderhede in die voetnote is grotendeels uit ’n aantal genealogiese werke verkry.

Teen omstreeks 1981 is die C-bande gerestoureer, en sinvoller herbind en hernommer. Die voetnote uit die gedrukte bande is in die digitale aanbieding oorgeneem. Die finansiële middele het egter ontbreek om die oorblywende teks (1744-1795) te annoteer. Let op dat daar in die voetnote deurentyd na die verouderde inventarisnommers verwys word. In die argiefinventaris van die Politieke Raad word ’n volledige vergelykingstabel van vorige en huidige bandnommers verstrek.

BRONNEGIDS

Hoofbronne

- *Resolusies van die Politieke Raad van die Kaap die Goeie Hoop, 1651-1743*. A.J. Böeseken en G.C. de Wet (reds.) Suid-Afrikaanse Argiefstukke. Deel 1-10. Kaapstad, 1957-1981.
- *Resolusies van die Politieke Raad van die Kaap die Goeie Hoop, 1744-1795*.
- *TANAP-transkripsieprojek*. Kaapstad, 2001-2003.

Benewens bostaande *Resolusies van die Politieke Raad van die Kaap die Goeie Hoop*. (Band C. 1 tot C. 231), wat as óf gedrukte, óf Internet-toeganklike bron beskikbaar is, geld die volgende as nuttige en bykomende gids.

Gedrukte bronne

- Barnard, A. *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793-1803, together with her journal of a tour into the interior and certain other letters*. A.M. Lewin Robinson (ed.). Cape Town, 1973.
- Barrow, J. *Travels to the interior of Southern Africa*. Two Volumes. London, 1968.
- Biewenga, Ad. *De Kaap de Goede Hoop: een Nederlandse vestigingskolonie 1680-1730*. Amsterdam, 1999.
- Böeseken, A.J. *Simon van der Stel en sy kinders*. Kaapstad, 1964.
- Böeseken, A.J. (red.). *Dagregister en Briewe van Zacharias Wagenaer, 1662-1666*. Suid-Afrikaanse Argiefstukke. Belangrike Kaapse dokumente, deel 2. Pretoria, 1973.
- Böeseken, A.J. *Jan van Riebeeck en sy gesin*. Kaapstad, 1974.
- Böeseken, A.J. *Slaves and Free Blacks at the Cape, 1658-1700*. Cape Town, 1977.
- Botha, C. Graham (red.) *Collectanea. Van Riebeeck-Vereniging*, nommer 5. Kaapstad, 1924.
- Botha, C. Graham. *The French Refugees at the Cape*. Third edition. Cape Town, 1970.
- Bruin, J.R., F.S. Gaastra and I. Schöffer (eds.). *Dutch Asiatic shipping in the Seventeenth and Eighteenth Centuries*. Volumes 1-3. The Hague, 1979-1987.
- Coetzee, C.G. *Die Kompanjie se besetting van Delagoabaai*. Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, deel 2. Kaapstad, 1948.
- Coolhaas, W.Ph. (red.) *Generale Missiven van Gouverneurs-Generaal en Raden aan Heren XVII der Verenigde Oostindische Compagnie. Delen I-XI (1602-1750)*. Rijks Geschiedkundige Publicatiën, grote serie nos. 104, 112, 125, 134, 150, 159, 164, 193, 205, 232. ’s-Gravenhage, 1968-1975.
- Daalder, R. (eindred.) *Slaven en Schepen*. Leiden, 2001.
- De la Caille, N. *Travels at the Cape, 1751-1753*. Edited and translated by R. Raven-Hart. Cape Town, 1976.
- De Mist, J.A. Klad *Journaal der Reize gedaan door den Commissaris-Generaal van het Bataafsch Gouvernement Mr. J.A. de Mist en desselfs gevolg in de Binnenlanden van Afrika*. E.C. Godée Molsbergen (red.): *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse tijd*. Deel IV. ’s-Gravenhage, 1932.
- De Villiers, C.C. *Geslagsregisters van die ou Kaapse families*. Geheel omgewerkte uitgawe, hersien en aangevul deur C. Pama. Drie dele. Kaapstad, 1966.
- De Villiers, J. *Hottentot-regimente aan die Kaap, 1791-1806*. Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, deel 2. Kaapstad, 1977.
- De Wet, G.C. *Die Vryliede en Vryswartes in die Kaapse Nedersetting, 1657-1707*. Kaapstad, 1981.
- De Wet, G.C. *Die vry bevolking in die Kaapse Nedersetting, 1657-1707*. Proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1978.
- Elphick, R. Kraal and Castle. *KhoiKhoi and the founding of white South Africa*. London, 1977.
- Elphick, R. and H. Giliomee, *The shaping of South African Society, 1652-1820*. Cape Town, 1979. Second revised edition covering 1652-1840. Cape Town, 1989.
- Forbes, Vernon S. Pioneer *Travellers of South Africa. A Geographical Commentary upon Routes, Records, Observations and Opinions of Travellers at the Cape, 1750-1800*. Cape Town/Amsterdam, 1965.
- Gaastra, F.S. *De geschiedenis van de VOC*. Zutphen, 2002.
- Gaastra, Femme S. *The Dutch East India Company. Expansion and Decline*. Zutphen, 2003.
- Godée Molsbergen, E.C. *De Stichter van Hollands Zuid-Afrika, Jan van Riebeeck, 1618-1677*. Amsterdam, 1912.
- Godée Molsbergen, E.C. *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse Tyd*. Vier Delen. Linschoten-Vereeniging, nommer 11, 12, 20 en 24. ’s-Gravenhage, 1916, 1929, 1932.
- Godée Molsbergen, E.C. *De Nederlandsch Oostindische Compagnie in de achttiende eeuw*. Amsterdam, 1939.

- Heese, H.F. *Groep sonder Grense: die rol en status van die gemengde bevolking aan die Kaap 1652-1795*. C-reeks: Navorsingspublikasies, No. 5. Wes-Kaaplandse Instituut vir Historiese Navorsing. Universiteit van Wes-Kaapland. Bellville, 1984.
- Heese, H.F. *Reg en Onreg. Kaapse regspraak in die agtiende eeu*. C-reeks: Navorsingspublikasies, No. 6. Universiteit van Wes-Kaapland. Bellville, 1994.
- Heese, J.A. *Die herkoms van die Afrikaner, 1657-1867*. Kaapstad, 1971.
- Hoge, J. *Personalia of the Germans at the Cape, 1652-1806*. Archives Year Book for S.A. History. Cape Town, 1946.
- Hop, H. *Nieuwste en Beknopte Beschrijving van de Kaap der Goede-Hope*. Amsterdam, 1778.
- *Kaapse Archiefstukken, 1778-1782*. Sewe dele. K.M. Jeffreys (red.). Kaapstad, 1926-Pretoria, 1935.
- *Kaapse Plakkaatboek, 1651-1806*. Six volumes. K.M. Jeffreys and S.D. Naudé (eds.). Cape Town, 1944-1951.
- Kloeke, G.G. *Herkomst en groei van het Afrikaans*. Leiden, 1950.
- Kolbe, P. *The present state of the Cape of Good-Hope*. Two volumes. London, 1731.
- Kolbe, P. *Nauwkeurige en uitvoerige beschrijving van de Kaap de Goede Hoop behelzende een zeer omstandig verhaal van den tegenwoordigen toestand van dat vermaarde gewest, deszelfs gelegenheit, haven, sterkte, regeringsvorm, uitgestrektheit ... nevens een geleerde beschrijving van het klimaat en aard van dat landschap ... waarbij nog komt een zeer nette en uit eigen ondervinding opgemaakte beschrijving van den oorsprong der Hottentotten vervattende een merkwaardig bericht van derzelver tale, godsdienst ... alles geduurende een lang verblijf aan de gemelde Kaap naar waarheit beschreven*. 2 delen. Amsterdam, 1727.
- Leibbrandt, H.C.V. *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope. Letters and Documents received, 1649-1662*. Part I. Cape Town, 1898.
- Leibbrandt, H.C.V. *Requesten or Memorials, 1715-1806*. Deel van reeks: Précis of the Archives of the Cape of Good Hope (A-E: 1903); (F-O: 1906); (P-S: 1988); (T-Z: 1989): Index 1989.
- Le Vaillant, F. *Reize in de Binnenlanden van Afrika langs de Kaap de Goede Hoop in de Jaaren 1780 tot 1785*. Vyf delen. Leiden, 1791-1798.
- Lichtenstein, H. *Travels in South Africa*. Van Riebeeck Society, First Series, number 11. Cape Town, 1928.
- *Memoriën en Instructiën, 1657-1699*. Böeseken, A.J. (red.). Suid-Afrikaanse Argiefstukke. Belangrike Kaapse dokumente, deel 1. Kaapstad, 1966.
- Menzel, O.F. *Life at the Cape in Mid-Eighteenth Century. English translation of original German text*. Van Riebeeck Society, number 4. Cape Town, 1921.
- Mossop, E.E. (ed.). *Journals of the expeditions of the Honourable Ensign Olof Bergh (1682 and 1683) and Ensign Isaq Schrijver (1689)*. Van Riebeeck Society, First Series, number 12. Cape Town, 1931.
- Muller, C.F.J. *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*. Pretoria & Kaapstad, 1968. Derde hersiene uitgawe 1980.
- Nel, H.F. *Die Britse verowering van die Kaap in 1795*. Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, deel 2. Kaapstad, 1972.
- Nienaber, G.S. en P.E. Raper. *Toponymica Hottentotica*. Drie dele. Pretoria, 1977, 1980.
- Nienaber, P.J. *Suid-Afrikaanse pleknaamwoordeboek*. Deel I. Vir die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Instituut vir Taal, Lettere en Kuns. Kaapstad, 1971.
- Raper, P. *Dictionary of Southern African place names*. Second edition. Johannesburg, 1987.
- Raven-Hart, R. Before Van Riebeeck. Callers at South Africa from 1488 to 1652. Cape Town, 1972.
- Raven-Hart, R. Cape Good Hope, 1652-1702. *The first fifty years of Dutch colonization as seen by Callers*. Two volumes. Cape Town, 1971.
- Schapera, I. *The Khoisan peoples of South Africa*. London, 1960.
- Schapera, I. *The Bantu-speaking tribes of South Africa*. Cape Town, 1966.
- Schoeman, K. *Armosyn van die Kaap – voorspel tot vestiging, 1415-1651*. Kaapstad, 1999.
- Schoeman, K. *Armosyn van die Kaap – die wêreld van 'n slavin 1652-1733*. Kaapstad, 2001.

- Schutte, G.J. (red.). *Briefwisseling van H. Swellengrebel. Jr. oor Kaapse Sake, 1778-1792*. Van Riebeeck-Vereniging, Tweede Reeks, nommer 13. Kaapstad, 1982.
- Schutte, G.J. (red.) Hendrik Cloete, *Groot-Constantia en die VOC, 1778-1799*. Van Riebeeck-Vereniging, Tweede Reeks, nommer 34. Kaapstad, 2003.
- Sleigh, D. *Die Buiteposte. VOC-buiteposte onder die Kaapse bestuur, 1652-1795*. Pretoria, 1993.
- Sparrman, A. *A voyage to the Cape of Good Hope towards the Antarctic Polar Circle round the world and to the country of the Hottentots and Caffres from 1772 to 1776*. V.S. Forbes (ed.). Van Riebeeck Society, Second Series, volumes 6, 7. Cape Town, 1974, 1977.
- Spoelstra, C. (red*.). Bouwstoffen voor de geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika*. Deel I. Brieven van de Kaapsche Kerken aan de Classis Amsterdam 1655-1804. Amsterdam-Kaapstad, 1906. Deel II Brieven van de Classis Amsterdam e.a. aan de Kaapsche Kerken enz. 1651-1804, Amsterdam-Kaapstad, 1907.
- Stevens, Harm. *De VOC in bedrijf 1602-1799*. Amsterdam, 1998.
- Tas, A. *Dagboek, 1705-1706*. Uitgegee deur L. Fouché en hersien deur A.J. Böeseken. Van Riebeeck-Vereniging, Tweede Reeks, nommer 1. Kaapstad, 1970.
- Theal, G.M. *Belangrijke Historische Dokumenten over Zuid-Afrika*. Deel 1 en 2. Kaapstad, 1896. Deel 3. Londen, 1911.
- Thunberg, C.P. *Travels in Europe, Africa and Asia, performed in the years 1770 and 1779*. Two volumes. London.
- Thunberg, C.P. *Travels at the Cape of Good Hope 1772-1775*. Based on the English edition London 1793-1795. Ed. by V.S. Forbes. Van Riebeeck Society, second series No. 17, Cape Town, 1986.
- *Tresoor der zee- en landreizen, beredeneerd register op de werken der Linschoten-Vereeniging*, twee delen. Linschoten-Vereeniging, 1939-1957.
- Valentijn, F. *Beschryvinge van der Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende*. E.H. Raidt, e.a. (reds.) Twee dele. Van Riebeeck-Vereniging, Tweede reeks, nommer 2 en 4. Kaapstad, 1971-1973.
- Van Riebeeck, J.A. *Daghregister gehouden bij den Oppercoopman Jan Antonisz van Riebeeck, 1651-1662*. Deel 1-3. D.B. Bosman en H.B. Thom (reds.). Van Riebeeck-Vereniging. Kaapstad, 1952-1957.
- Van Spilbergen, J. *De Reis van Joris van Spilbergen naar Ceylon, Atjeh en Bantam, 1601-1604*. F.G. Wieder e.a. (reds.) Linschoten-Vereeniging, nommer 38. 's-Gravenhage, 1933.
- Venter, P.J. *Landdros en Heemrade, 1682-1827*. Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, deel 2. Kaapstad, 1940.
- Viljoen, R.S. *"Land of our Forefathers": Jan Paerl: A Khoikhoi Prophet in Cape Colonial Society, 1751-1851*. Leiden, 2003.
- Waterhouse, G. (ed.). *Simon van der Stel's Journey to Namaqualand in 1685*. With a revised introduction by G. Waterhouse. Transcription of the original text by G.C. de Wet. English translation by R.H. Pheiffer. Cape Town, 1979.
- Wieringa, F.M. (red.). *De Verenigde Oostindische Compagnie in Amsterdam*. Amsterdam, 1982.

Woordeboeke

- De Vries, J. *Nederlands Etymologisch Woordenboek*. Vierde druk. Leiden: Brill, 1997.
- *New Dictionary of South African Biography.* Human Sciences Research Council, Pretoria, 1995.
- *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, Deel I-V*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1968-1987.
- Van Wyk, G.J., A.E. Cloete, A. Jordaan, H.C. Liebenberg, H.J. Lubbe. *Etimologiewoordeboek van Afrikaans*. Ook op CD-ROM. Buro van die WAT. Stellenbosch, 2003.
- *Webster's New Geographical Dictionary*. 1984. Springfield, Massachusetts: Merriam-Webster Inc., Publishers.
- *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. Elf dele: A tot O. Ook op CD-ROM. Buro van die WAT. Stellenbosch, 1950-2000.
- *Woordenboek der Nederlandsche Taal*. Bewerk deur M. de Vries, L.A. te Winkel e.a. CD-ROM. Leiden, 2000.

Internetadresse

Suid-Afrika

Argief, Nasionaal

- http://www.national.archives.gov.za/naairs.htm – Die Nasionale Argief in Suid-Afrika se soekenjin (NAAIRS) vir primêre bronne soos sterfkennisse, manuskripte, grafstene en foto's, asook 'n lys met dokumentverwysings.

Biblioteekwese

- http://www.nlsa.ac.za/ – Nasionale Biblioteek, Pretoria
- http://natlib1.unisa.ac.za/search/ – Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria

Genealogie

- http://www.ggsa.info/ – Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika (GGSA)
- http://www.ggsa.info/eggsa – eGGSA, elektroniese joernaal "Familia", nuusbrief "Genesis"
- http://www.sun.ac.za/gisa – Genealogiese Instituut van Suid-Afrka (GISA)
- http://www.stamouers.com/ – Suid-Afrikaanse stamouers

Hugenote

- http://www.geocities.com/hugenoteblad/begin-a.htm – Hugenote-museum, Franschhoek
- http://www.hugenotten-uckermark.de/Hughis2e.htm

Huis der Nederlanden

- http://www.hdn.za.net/

Kaarte

- http://cdsm-www.wcape.gov.za/ms_internet/default.asp – topografiese kaarte verkrygbaar by die Departement van Streek- en Grondsake
- http://www.hagsoc.org.au/sagraves/maps/times_map.php – "The Times Map of SA"

Landmeter-generaal

- http://oas.dla.gov.za/webapps/esio/searchproperty.jsp

Museumwese

- http://media1.mweb.co.za/mosa/

Plekname

- http://sagns.dac.gov.za/ – amptelike "South African Geographical Names System", bv. SAGNS, pleknaam-databasis

Slawe

- http://www.museums.org.za/iziko/slavery/index.html – slaweherkoms
- http://batavia.ugent.be/b@tavia.htm?http://batavia.rug.ac.be/slavery/bibliography.htm – slawenavorsing

Nederland en elders

Algemeen

- http://www.geocities.com/Athens/Styx/6497/index.html

Argiefwese

- http://www.nationaalarchief.nl/
- http://www.archiefnet.nl/
- http://www.archieven.nl/

Atlasse

- http://www.atlasmutualheritage.nl/index_nl.html – Atlas Mutual Heritage

TANAP

- http://www.tanap.net/cape/resolutions – Resolusies van die Politieke Raad van Kaap die Goeie Hoop
- http://www.tanap.net/content/activities/finding_aids.htm – Inventarisse van die Kaapstad-Argiefbewaarplek

VOC

- http://voc-kenniscentrum.nl/
- http://www.voc.websilon.nl/
  waaronder:
  http://www.voc.websilon.nl/uitlegvermaakttransport.aspx – skuldbriewe
  http://www.voc.websilon.nl/beroepen.aspx – beroepe

VOC-glossarium

- http://www.inghist.nl/Onderzoek/Projecten/VocGlossarium
- http://test.inghist.nl/pdf/vocglossarium/VOCGlossarium.pdf – laai af en druk uit
  Verklaring van terme, versamel uit die "Rijks Geschiedkundige Publicatien" wat op die Vereenigde Oostindische Compagnie betrekking het, saamgestel deur M. Kooijmans en J.E. Schooneveld-Oosterling

VOC-koppelings

- http://www.londoh.com/voc_links.htm

VOC-skepe

- http://www.vocsite.nl/schepen/detail.html – skepe
- http://www.inghist.nl/Onderzoek/Projecten/DAS/search
- http://www.inghist.nl/Onderzoek/Projecten/DAS/voyages

VOC-skeepswrakke

- http://www.aair17.ukgateway.net/vocwrecks.htm

Woordeboeke

- http://lookwayup.com/free/EnglishDutchDictionary.htm
- http://dictionaries.travlang.com/EnglishAfrikaans/
- http://dictionaries.travlang.com/AfrikaansEnglish/
- http://dogbert.abebooks.com/servlet/BookSearch
- http://www.selectbooks.co.za/intro.html – Select Books, geskiedenis en genealogie

GESKIEDENIS VAN DIE KAAP DIE GOEIE HOOP

’n Portugees vind die seeweg van Europa na Indië

In Augustus 1486 verlaat die Portugese ontdekkingsreisiger, Bartolomeu Dias, met twee klein skepies en ’n vragskip die Taagrivier by Lissabon. Hy moes om die suidpunt van Afrika seil en sodoende ’n seeweg en gevolglike handelsroete na Indië verkry. By Angra Pequena (tans Lüderitzbucht, Namibië) plant hy ’n klipkruis. ’n Geweldige storm dwing sy skepe van koers af, en hy en sy bemanning bereik eers weer land toe hulle die inham wat vandag as Mosselbaai bekend staan, binnevaar. Toe het Dias besef dat hulle reeds om die punt van Afrika geseil het en dat die seeweg voor hom oop lê! Die inheemse Khoi wat met hul veetroppe in daardie omgewing gewoon het, het die land in gevlug toe hulle die skepe sien aankom. Op die eilandjie St. Croix naby Algoabaai plant Dias ’n volgende kruis en vaar waarskynlik tot by die Visrivier in die huidige Oos-Kaap, waar die klein vloot weens min voorraad aan boord moes omdraai. In die blye besef dat die seeweg na Indië gevind is, verander Dias die pleknaam Cabo Tormentoso ‘stormkaap’ met sy terugvaart in 1488 na Cabo da boa Esperanza ‘kaap van goeie hoop’.

Portugal gaan voort om sy Indiese ryk uit te bou en jaarlikse vlote vaar om die Kaap daarheen. In 1498 noem Vasco da Gama die baai waar Dias aangedoen het Aguada de Sâo Bras ‘waterbron van St. Blasius’. Tydens Joâo de Nova se reis na Indië (1501-1502) doen sy vloot ook daar aan, hy noem die plek Golfo dos Vaqueiros ‘baai van veewagters’ en rig ’n bidkapel, die eerste Christenbouwerk in Suid-Afrika, op. De Nova sit sy reis voort tot by Rio de la Goa ‘rivier van die meer’, die baai waaraan Lourenço Marques in 1544 sy naam sou gee. Een van die drie eskaders van hierdie vloot word aangevoer deur Antonio de Saldanha wat in 1503 weens ’n navigasiefout in die baai wat nou Tafelbaai heet, beland. In Maart 1510 het die Portugese onderkoning, Francisco d’ Almeida wat toe pas die Portugese gesag in die Indiese Oseaan gevestig het, saam met van sy vernaamste offisiere in ’n botsing met Khoi in Tafelbaai omgekom. Die kuste van Suid-Afrika was die vernaamste rede waarom die Portugese heersers nie in die besetting van dié land belang gestel het nie.

Die Kaap en die stigting van die VOC

Nederland tree teen die helfte van die 16e eeu na vore as ’n bedreiging van die Portugese handel en besittings in die Ooste. Die Nederlanders het toe reeds dekades lank Portugal se Indiese ware in Europa versprei en as vragvaarders vir Spanje opgetree. Hulle het ook die waarde van die Portugese speserymonopolie besef en maak dit hul doelwit om self met die spesery-eilande, die Molukke en nie soseer Indië nie, handel te dryf. Nederland staan nou op die vooraand van groot oorsese uitbreiding en die Goue Eeu.

Na tien jaar se verblyf in Indië keer die Hollander Jan Huygen van Linschoten in 1592 na sy vaderland, die noordelike Nederlande, terug. Danksy aantekeninge wat hy in dié tyd gemaak het, bevat sy *Itinerario* of reisbeskrywing uiters belangrike inligting oor Indië, die Oosterse eilande, die seeroete daarheen, asook winde en seestrome. Nog voor die *Itinerario* in 1595 verskyn het, beskik die eerste Nederlandse vlootaanvoerders reeds oor dié gegewens en kon dit met goeie gevolg tydens hul vaart om die Kaap na die Ooste benut.

In hierdie tyd stig ’n aantal Amsterdamse handelaars ’n maatskappy genaamd Compagnie van Verre, met die doel om handelsposte in die Ooste te vestig en met Indië handel te dryf. Op 2 April 1595 vertrek hul eerste handelsvloot met drie skepe uit Texel. Cornelis de Houtman, handelshoof van die onderneming, sluit by hul aankoms op Java ’n handelsverdrag met die vors van Bantam. Tydens hul terugreis doen ook hulle Golfo dos Vaqueiros aan en ruil enkele stuks vee by die Khoi.

Op hul seereise tussen Europa en die Ooste doen die Nederlandse handelskepe die Kaap daarna gereeld aan om vleis, wat hulle deur ruilhandel met die Khoi verkry het, asook vars water in te neem. Dat die Kaap later permanent beset sou word, was eintlik ’n natuurlike ontwikkeling hieruit. In 1601 besoek Paulus van Caerden die baai Golfo dos Vaqueiros en noem dit Mosselbaai, die pleknaam wat tans nog geld. In dieselfde jaar het admiraal Joris van Spilbergen die baai waaraan De Saldanha sy eie naam gegee het, tot Tafelbaai herdoop.

In 1602 is al die Nederlandse Oos-Indiese handelskompanjies byeengebring en die Generaale Vereenigde Geoctroijeerde Oostindische Compagnie (VOC) gestig. Die Nederlandse Republiek voer in daardie tyd oorlog met Spanje en Portugal (die Tagtigjarige Oorlog) en die Kompanjie moes die ekonomiese krag van die Republiek versterk en dié van die vyand oorsee verswak. Dit was waarom die State-Generaal van die Vereenigde Republiek der Vereenigde Nederlanden aan die VOC ’n handelsmonopolie oos van die Kaap die Goeie Hoop en wes van die Straat Magelhaes (Straat van Magellaan) gee, asook ’n oktrooi wat soewereine magte verleen om soldate en vlote te hanteer, oorlog te maak en vrede te sluit, gebiede te beheer, en forte en kolonies te vestig en te bestuur.

Die VOC was dus ’n handelsonderneming, met aandeelhouers en ses kamers (werksmaatskappye), naamlik in die Nederlandse stede Amsterdam, Rotterdam, Middelburg, Delft, Enkhuizen en Hoorn, elk met kantore, pakhuise en skepe. Die werksmaatskappy in Middelburg is Kamer Zeeland genoem, omdat dit uit aandeelhouers van verskillende Zeeuwse stede bestaan het. Die sentrale liggaam met beslissende bevoegdheid was die Here Sewentien (Here XVII), saamgestel uit afgevaardigdes van dié Kamers.

Die Kompanjie het gereeld skepe na die Ooste gestuur met seelui, soldate en koopliede, om die Portugese teen te staan en te verdryf, en om handel te voer. Ambon in die Molukke was die eerste nedersetting wat van die Portugese verower is. In 1609 is Pieter Both as die eerste Goewerneur-generaal van die Kompanjie se besittings en personeel in die Ooste aangestel. Sedert die stigting van Batavia (tans Jakarta) op Java deur Jan Pieterszoon Coen in 1619 dien dit as die Kompanjie se Asiatiese hoofkantoor, setel van die Goewerneur-generaal en die Raad van Indië, asook die sentrale bymekaarkomplek van al die handelstrome van die Kompanjie se wydvertakte handelskantore, faktorye en nedersettings wat mettertyd van die Kaap tot Mocha en Nagasaki gevestig is.

Nederlanders en Engelse saam in Tafelbaai

Nadat die seeweg na Indië geopen is, neem sowel die Nederlandse as Engelse skeepvaartbedrywighede na die Ooste toe en albei lande se skepe doen Tafelbaai gereeld aan. In 1608 het ’n paar Engelse skeepskapteins en hul bemanning vir twee maande in Tafelbaai voor anker gelê en in dié tyd ’n fortjie gebou, by die Khoi-stamme vee verhandel en ook die omstreke ondersoek deur onder andere Tafelberg uit te klim.

Van die samewerking tussen Nederlanders en Engelse, waaroor daar in 1619 in ’n “Vergelyk” ook wat die Kaap betref ooreengekom is, het heel gou weinig oorgebly. Toe ’n vloot van ses Engelse skepe Tafelbaai in Junie 1620 binnevaar, wag daar reeds nege Nederlandse skepe, waarvan die offisiere besig was om die land te inspekteer met die doel om die volgende jaar ’n nedersetting te stig. Die Engelse bevelvoerders spring die Nederlanders voor en hys op 3 Julie 1620 die Engelse vlag en annekseer die land in die naam van hul koning. By hul terugkeer in Engeland weier Koning Jakob egter om die proklamasie te teken en die Engelse aanspraak op die Kaap verval. Daarna verflou die Engelse belangstelling in dié verversingspos drasties. Nog later ontwikkel groot wrywing en ook vyandskap tussen die twee lande. Engeland sou eers na 175 jaar weer die geleentheid kry om die Kaap te annekseer.

’n Nederlandse fortjie in 1647

In Maart 1647 strand die Nederlandse retoerskip *Haerlem*, in Tafelbaai. Hoewel die skip nie gered kon word nie, het die kaptein en sy bemanning die land veilig bereik. Die kaptein het met ’n verbykomende skip na Nederland vertrek, maar laat die onderkoopman Leendert Janszen en 60 matrose agter. Hier moes hulle ’n jaar lank op ’n vloot wag om hulle na Nederland terug te neem. Intussen bou hulle ’n fortjie genaamd “Vastigcheyt Zandenborch”, vry vertaal as Vesting Sandkasteel. Gelukkig kon hulle wel die kosbare skeepsvrag aan wal bring. Verder het hulle tuin gemaak, wild gejag, en vee geruil by die Khoi met wie hulle op goeie voet verkeer het. In Maart 1648 daag die retoervloot onder aanvoering van admiraal Wollebrandt Geleynssen de Jongh op. Jan van Riebeeck, wat van die Ooste af op pad terug was na Nederland, was ook deel van die geselskap wat agtien dae aan die Kaap vertoef het.

Vanweë ’n dreigende oorlog met Engeland moes die Here Sewentien dringend oor die strategiese belangrikheid en moontlike besetting van die Kaap besin. St. Helena, ’n eiland in die Atlantiese Oseaan, was toe ook nie meer so ’n waardevolle verversingsoord vir die Nederlandse retoervlote nie en daar moes letterlik nuwe weivelde gevind word.

Omdat die bemanning van die *Haerlem* ’n jaar lank aan die Kaap kon oorleef en vanweë die praktiese ondervinding wat Leendert Janszen opgedoen het, is hy versoek om ’n dokument waarin die voordele van ’n Nederlandse besetting aldaar uiteengesit word, op te stel. Op 26 Julie 1649 lê hy sy “Remonstrantie”, mede-onderteken deur die ander opperhoof van die *Haerlem*, Matthijs Proot, aan die VOC-kamer Amsterdam voor. Hierin ondersteun hulle die vestiging van ’n verversingspos aan die Kaap, en voorsien dat die koste nie te hoog sou wees om ’n garnisoen van ongeveer 70 soldate te huisves en ’n fort te bou nie. Daar was volop vars water en vrugbare grond vir die kweek van groente en vrugte, en vee kon by die inheemse volke geruil word om die vleisvoorraad aan te vul. Die Kaap kon ook as hersteloord vir siekes dien.

Matthijs Proot is genader vir die pos as kommandeur aan die Kaap, maar hy het dit nie aanvaar nie. Jan van Riebeeck, gewese koopman in diens van die Kompanjie, het sy dienste aangebied. Op uitnodiging van die Bewindhebbers dat hy kommentaar op die “Remonstrantie” lewer, lê hy sy “Nader Consideratie” waarin hy die plan met enkele verdere aanbevelings ondersteun, in Junie 1651 aan die Here Sewentien voor. Met hierdie voorlegging is sy aanstelling beklink en is “Jan Van Riebeek bij de vergadering aangenomen in qualité als koopman en opperhoofd van het volk, gaande met het schip de Drommedaris naar de Cabo de bona Esperance” (Van Riebeek, Dagverhaal 1, VII, a:o 1648).

Eerste Resolusie in 1651 op see geneem

Om ’n verversingstasie en ’n militêre teenwoordigheid aan die Kaap te vestig, vertrek Jan van Riebeeck en sy geselskap aan die einde van 1651 met drie klein skepies, die *Drommedaris*, *Reijger* en *Goede Hoope* uit Texel, “vande Camer Amsterdam”. Op Saterdag, 30 Desember het die skeepsraad wat ook die Breë Raad genoem is, die eerste Resolusies (*resolutien*, ‘besluite’) aan boord die *Drommedaris* geneem. Die Raad het bestaan uit Jan van Riebeeck as voorsitter, en die skippers en offisiere van al drie skepe as lede. Dié Resolusies was die begin van die wetgewende en grondwetlike Nederlandse gesag in Suid-Afrika.

Die volgende vergaderings van 20 Januarie en 29 Maart 1652 is gehou aan boord voordat Tafelbaai bereik is, terwyl dié van 8 en 19 April plaasvind “in ’t schip den Drommedaris” wat toe al in die baai was. Op 11 Mei is die Raadsvergadering “in ’t scip den Drommedaris ter rhede in de Tafelbaai” gehou, maar op 13 Augustus op land: “aen Cabo de Boa Esperance in ’t Fort de Goede Hoope”. Met die vertrek van die skepe en hul skippers bestaan die Raad net uit amptenare met die hoogste range en die militêre gesagvoerder.

VOC-regeringstrukture aan die Kaap

Die Politieke Raad

Die Politieke Raad (of Raad van Politie; *politie* beteken 'bestuur') wat die hoogste gesagsinstansie in die nedersetting aan die Kaap die Goeie Hoop was, was uiteraard onderworpe aan die voorskrifte van die Here Sewentien (direksie van die VOC in Nederland) en die Goewerneur-generaal en Raad van Indië te Batavia, asook die wetgewing soos vasgelê in die "Statuten van Batavia" (1648). Die Raad is saamgestel uit die funksionarisse wat verantwoordelik was vir die beheer van die Kompanjie se nedersetting, naamlik die opperhoof van die nedersetting, sy sekunde, hoofde van administratiewe dienste (soos die boekhouer, dispensier, keldermeester en hawemeester), die militêre kommandant van die garnisoen, en die fiskaal wat verantwoordelik was vir orde en die reg. Die sekretaris (ook genoem geheimskrywer) van die Raad het geen stemreg gehad nie, tensy hy vanweë persoonlike hoedanighede tot lid benoem is.

Wanneer daar skepe in Tafelbaai voor anker gelê het, het die kapteins en die ander hoë amptenare van die vloot ook sitting in die Raad gehad en dan is daar na sodanige vergadering as die sitting van die Breë Raad verwys. Die voorsitter tydens die vergadering van die Breë Raad was nie noodwendig die kommandeur of goewerneur nie, want dié moes sy plek afstaan aan iemand wat 'n hoër rang in die diens beklee het, gewoonlik 'n kommissaris, 'n hoë VOC-amptenaar wat as inspekteur opgetree en opdrag gehad het om 'n verslag oor die stand van sake aan die Kaap op te stel.

Die VOC se personeel het 'n magdom funksies vervul en is met talle benamings aangedui. Daar was eintlik drie groepe hiërargieë: van soldaat tot generaal, van jongmaat tot skipper, en van pennis tot goewerneur-generaal. Die Kompanjie het egter ook 'n personeelindeling volgens range gehad, wat verwys na 'n kombinasie van funksie, salaris en status. Neem die volgende as voorbeeld: Die opperkoopman Jan van Riebeeck was opperhoof van die Kaapse nedersetting; sy rang as opperkoopman dui sy plek in die Kompanjie se handels-/administratiewe hiërargie en salariskategorie aan. Die bevordering tot kommandeur het gedui op meer status maar nie meer gesag nie, en ook nie vanselfsprekend 'n hoër salaris nie. Sedert 1691 beklee die hoof van die Kaapse nedersetting die titel van Goewerneur.

In 1676 beslis kommissaris Nicolaes Verburg dat die Politieke Raad buiten die kommandeur as hoof, uit ses lede moet bestaan. In 1685 beslis kommissaris Hendrik Adriaan van Reede tot Drakenstein dat die aantal lede tot agt vermeerder word. In dieselfde jaar word daar 'n onderskeid getref tussen die Politieke Raad en die Raad van Justisie: die Politieke Raad fungeer as Raad van Justisie. Wanneer 'n burger se saak voor die Raad van Justisie gedien het, het twee burgerraadslede sitting in hierdie Raad verkry.

Oor die algemeen het die Politieke Raad redelik gereeld vergader. Dit het veral van die regeringshoof as sameroeper, afgehang hoe gereeld en hoeveel vergaderings gehou is. Sommige voorsitters het die Raad weekliks op 'n bepaalde dag laat vergader, ander het slegs 'n vergadering belê wanneer daar dringende sake bespreek moes word. Soms was die sakelys so lywig dat daar 'n oggend-, middag- en aandsessie was en selfs die volgende dag hervat is. 'n Krisis was genoegsame rede om die Raad ook op 'n Sondag of feesdag byeen te roep.

Al die briewe afkomstig van die Here Sewentien en die Hoë Regering van Batavia, moes tydens die Raadsvergaderings voorgelees en bespreek word. Die antwoorde moes deur die Raad opgestel en deur al die lede onderteken word. Alle geskrewe werk het onder die Raad se toesig geskied. Dit was nie net die kopieë van die lang briewe wat na die owerhede in Amsterdam en Batavia gestuur moes word nie, maar ook afskrifte van die joernaal, resolusies, plakkate (proklamasies) en instruksies. Hofverrigtinge, kontrakte en verslae moes ook geskryf word. Die amptenare was verantwoordelik vir die invordering van belastinggeld en moes beheer uitoefen oor buiteposte, pakhuise, huurooreenkomste, asook die voorsiening van proviand aan skepe, amptenare en die hospitaal. Hulle moes ook die nedersetting

beskerm teen moontlike aanvalle uit die binneland of van die see af. Al hierdie take is deur die Politieke Raad bespreek en die verantwoordelikhede dikwels aan bepaalde amptenare opgedra.

Benamings van funksionarisse

In die Resolusies van die Politieke Raad word na ’n verskeidenheid ampte en titels verwys. Sommige daarvan is tans in Nederlands verouderd, maar nog in Afrikaans gebruiklik, hoewel soms in ’n ander betekenis en/of geskiedkundige verband.

- Die *opperhoof* (Ndl. *opperhoofd*) was ’n aanvoerder van ’n leër of vloot, gesaghebber van ’n skip, of bestuurder van ’n nedersetting in die kolonies. Dit het ook verwys na die hoof van ’n inheemse stam, tans by uitstek die betekenis wat in Afrikaans geld.
- Die *kommandeur* (Ndl. *commandeur*) was ’n militêre gesaghebber of bevelhebber oor ’n vesting, garnisoen of nedersetting, asook ’n skeepsgesaghebber.
- Die *goewerneur* (Ndl. *gouverneur*) letterlik ‘bestuurder’, was ’n verteenwoordiger van die oppergesag en iemand wat met gesag oor ’n gebied, byvoorbeeld ’n kolonie, beklee was.
- Die *sekunde* (Ndl. *secunde* uit Latyn *secundus*, ‘tweede’) was ’n plaasvervanger; dus tweede in bevel en plaasvervanger van die kommandeur of goewerneur.
- Die *koopman*, ook *commies* genoem, was die amptenaar aan boord van koopvaarders (in die besonder skepe van die sogenaamde “voorcompagnieën” en later veral van die VOC) wat met die leiding van handelsake belas was. Die woord *koopman* was ook ’n rangsaanduiding by die VOC, nader gespesifiseer as onderkoopman, koopman en opperkoopman.
- Die *fiskaal* (Ndl. *fiscaal*) was ’n regterlike amptenaar wat gewaak het oor die nakoming van die wette en die orde; hy het ’n klompie geregsdienaars gelei en was die openbare aanklaer. Die Here Sewentien het die fiskaal in 1688 “independent” verklaar, alleenlik aan hierdie hoogste gesag verantwoordelik.
- Die *sekretaris* (Ndl. *secretaris*) was ’n amptenaar wat namens ’n ander of vir ’n liggaam die briefwisseling gevoer of gelei het, stukke opgestel het, ens. Die sekretaris moes die vergaderings van die Raad bywoon en ’n eed van geheimhouding aflê. Hy het geen stem in die Raad gehad nie, maar moes al die resolusies mede-onderteken, asook sy handtekening heg aan attestasies, obligasies, briewe en verbande. Verder moes hy aktes waarmerk en aan die betrokke persone verduidelik.
- Die *weesmeester* of *weesheer* was ’n bestuurslid van die Weeskamer. Die W*eeskamer* was ’n instelling wat toesig gehou en beheer uitgeoefen het oor die besittings van wese en die erfporsies van onbekendes. Kort na die Britse besetting is die Weeskamer vervang deur die Meesterskantoor.

VOC-bevelvoerders aan die Kaap die Goeie Hoop

Gedurende die 143 jaar van Nederlandse beheer oor die Kaap het regeringshoofde mekaar soms snel opgevolg, terwyl ander weer oor ’n lang tydperk die hoogste gesag beklee het.

Kommandeurs

van	*tot*	*Kommandeur*
7.4.1652	6.5.1662	Jan Anthonisz van Riebeeck (aanvanklik opperhoof)
6.51662	27.9.1666	Zacharias Wagenaer
27.9.1666	18.6.1668	Cornelis van Quaelberg
18.6.1668	25.3.1670	Jacob Borghorst
25.3.1670	30.11.1671	Pieter Hackius
30.11.1671	April 1672	Politieke Raad (waarnemend)
April 1672	2.10.1672	Albert van Breugel (sekunde; waarnemend)
2.10.1672	14.3.1676	Isbrand Goske
14.3.1676	29.6.1678	Johan Bax *dit* van Herenthals
29.6.1678	12.10.1679	Hendrik Crudop (sekunde; waarnemend)
12.10.1679	1.6.1691	Simon van der Stel

Goewerneurs

van	*tot*	*Goewerneur*
1.6.1691	11.2.1699	Simon van der Stel
11.2.1699	3.6.1707	Willem Adriaan van der Stel
3.6.1707	1.2.1708	Johannes Cornelis d’Ableing (waarnemend)
1.2.1708	27.12.1711	Louis van Assenburg
27.2.1711	28.3.1714	Willem Helot (waarnemend)
28.3.1714	8.9.1724	Maurits Pasques de Chavonnes
8.9.1724	25.2.1727	Jan de la Fontaine (waarnemend)
25.2.1727	23.4.1729	Pieter Gijsbert Noodt
23.4.1729	31.8.1737	Jan de la Fontaine (waarnemend, vanaf 8.3.1737 goewerneur)
31.8.1737	19.9.1737	Adriaan van Kervel (na drie weke in die amp oorlede)
19.9.1737	14.4.1739	Daniël van den Henghel (fiskaal; waarnemend)
14.4.1739	27.2.1751	Hendrik Swellengrebel
27.2.1751	11.8.1771	Ryk Tulbagh
11.8.1771	14.2.1785	Joachim van Plettenberg (waarnemend, vanaf 18.5.1774 goewerneur)
14.2.1785	24.6.1791	Cornelis Jacob van de Graaff
24.6.1791	3.7.1792	Johannes Izaac Rhenius (sekunde; waarnemend)
3.7.1792	2.9.1793	Sebastiaan Cornelis Nederburgh en Simon Hendrik Frijkenius (kommissarisse-generaal)
2.9.1793	16.9.1795	Abraham Josias Sluysken

Plakkate, statute en ordonnansies

- Die *plakkaat* was ’n geskrewe of gedrukte owerheidsbekendmaking of voorskrif; vergelyk die *Plakkaatboek.*
- ’n *Statuut* is ’n verordening, meer bepaald ’n stedelike verordening of die wet van ’n vereniging, daarnaas ook van ’n gebied of land; vandaar ook ’n versameling wette en plakkate.
- ’n *Ordonnansie* (Ndl. *ordonnantie*) is ’n voorskrif, in die besonder ’n toepassing van verordeninge en statute wat deur die owerheid oor bepaalde sake uitgevaardig word.

Plaaslike bestuur

Namate die Kaapkolonie uitgebrei het, is plaaslike bestuur ingestel. In die dorpie Cabo het vryburgers deelgeneem aan die werk van die Raad van Justisie, die Weeskamer, die Hof van Huweliksake en die Kollege van Klein Sake.

Die plattelandse gemeenskappe is deur die Kollege van Landdros en Heemrade bestuur. Die Kollege het gedien as hof met jurisdiksie oor siviele sowel as kriminele sake, en het ook munisipale en verwante bestuursfunksies gehad, kon belastings hef en het selfs sekere militêre bevoegdhede gehad en ’n rol in die landsverdediging gespeel. Die lede van hierdie Kollege, bestaande uit ’n landdros bygestaan deur heemrade (heemraadslede), is op aanbeveling van die Raad deur die Goewerneur benoem.

- Die *landdros* (Ndl. *(land)drost*) was ’n amptenaar van die VOC wat (soos in die Nederlande) die owerheidsgesag verteenwoordig het. Hy was die voorsitter van voorgenoemde Kollege.
- Die *drostdy* was die ampsgebied van ’n landdros. In die besonder in Suid-Afrika was dit ook die ampsgebou van ’n *dros*.
- Die *heemraad* was ’n vryburger wat deur die Goewerneur op aanbeveling van die Politieke Raad as lid van voorgenoemde Kollege benoem is.
- Die *veldkornet* was ’n amptenaar in die plaaslike bestuur en ondergeskik aan die landdros, en het funksies van betekenis in verband met militêre, administratiewe, regterlike en polisie-aangeleenthede uitgeoefen. In sy wyk het die veldkornet die landdros verteenwoordig. In vredestyd was die veldkornet hoof van die milisie en belas met die orde in ’n wyk.
- ’n *Krygsraad* was die vergadering wat deur ’n bevelvoerder gehou is met [van] sy offisiere, waartydens daar oor veral militêre sake beraadslaag is; ook persone wat in so ’n vergadering sitting gehad het: In die krygsraad wat op 19 Mei 1659 tot oorlog met die Khoi besluit het, het ook twee vryburgers sitting gehad.

Inwoners van die Kaap die Goeie Hoop

Inheemse stamme

Volgens Jan van Riebeeck se *Daghregister* maak hy reeds op 6 April 1652 met die inheemse bevolking kennis. Van Riebeeck het aan land gegaan om te kyk waar hy ’n fort sou bou. Twee Strandlopers het saam met hom aan boord gekom en kon in gebroke Engels kommunikeer. Hulle was arm vissers met geen vee nie, terwyl die ander binnelandse groepe wel kuddes beeste en skape gehad het. Volgens die *Daghregister* is die eerste proklamasie wat in die Kaap voorgelees en aangeplak sou word, tydens die Raadsvergadering op 8 April uitgevaardig. Daarin het gestaan dat ’n fort opgerig sou word en dat daar in vrede met die inheemse bevolking geleef moes word. Volgens die *Daghregister* het die Nederlanders op 10 April met die mense van “Saldinia” kennis gemaak.

Een van die beste bewyse hoe sinvol historiese bronne mekaar kan aanvul, blyk uit ’n vergelyking tussen hierdie twee brondokumente, naamlik Van Riebeeck se *Daghregister* en die Resolusies van die Politieke Raad se verwysing en vermelding van bepaalde feite. Die notule van die Raadsvergadering van 8 April 1652 (C. 1) bevat slegs een saak, naamlik die bou van die Fort. Nege maande na vermelding in die *Daghregister*, word in die Raadsnotule van 22 Desember 1652 (C. 1) die eerste keer na “dese lants natie”, dit wil sê die inheemse bevolking, verwys. Tydens dieselfde vergadering word ook geskryf dat Herrij in sy gebroke Engels vertel het dat “die van Saldanha”, dit wil sê die mense van Saldanha, redelik goed van olifantstande voorsien was. Aan die stukkies ivoor wat “sommige Hottentoos” as halsversiering gedra het, was dit duidelik dat daar ivoor in omloop was.

Die VOC-dienaars se eerste kennismaking en onderhandelinge met inheemse groepe het plaasgevind met die hulp van Khoi-tolke, onder andere Herrij (Autshomao), Claes Das, Eva (Krotoa) en Doman (op eie versoek Anthoni genoem). Veral Eva was van groot hulp. Sy het as jong kind saam met haar suster se man, kaptein Oedasoa van die Kogoukwas, die Fort se mense en hul taal leer ken. In 1659 het sy in die Fort bly woon “om vorder te leeren leesen en bidden” (Daghregister, 3 Jan. 1659). Haar taalvaardigheid was van groot nut, aangesien sy as tolk tussen die nedersetters en haar eie mense kon optree. Ofskoon Eva eers later as Christen gedoop en aangeneem is om daardeur die gelyke van ’n vryburger te word, het sy deurentyd haar dienste aangebied om as voorspraak te dien.

Inligting oor inheemse bevolkingsgroepe is verkry uit daaglikse kontak, asook tydens landtogte en ekspedisies wat gereeld deur die Kompanjie onderneem is. Die dagjoernale wat tydens sulke reise bygehou is, asook verslae wat na afloop daarvan aan die Politieke Raad voorgelê moes word en in die Resolusies opgeneem is, is van groot kultuur-historiese waarde. In plaas daarvan dat die geskrewe bronne met ’n Westerse invalshoek en die mondelinge gebeure-oordrag en volksvertellings met ’n bepaalde inheemse invalshoek teenoor mekaar gestel word, kan leemtes in die een sinvol aangevul word deur gegewens in die ander, en ooreenkomste kan dien as bevestiging van ’n bepaalde gebeurtenis. Sodoende kan die geskiedenis vollediger en getrouer weergegee word.

Die Goringaikonas (Strandlopers), Goringgaikwas (Kaapmans) en Goragoukwas het in die onmiddellike nabyheid van die Fort gewoon. In die rigting van Saldanhabaai was die Kogoukwas onder leierskap van twee hoofde, naamlik Oedasoa en Gonnema. (Hoofman Gonnema se naam leef steeds voort in die van wat deur sy nakomelinge gevoer word, naamlik Goedemans, ’n vervorming en vernederlandsing daarvan (31.10.1739, C. 112).) Noord van hierdie stam tot by die Olifantsrivier was die land van die Klein Grigrikwas. Oorkant die Olifantsrivier het die Namakwas en die Groot Grigrikwas rondgetrek met hul veetroppe. Oos van die Kogoukwas het die Gainoukwas onder leierskap van Sousoa gewoon. Hierdie stam het baie beeste Fort toe gebring om te ruil. In die Raadsvergadering van 14 April 1684 word geskryf van ’n “seecker capiteijn van de Soeswasese natie” wat in die wandel as Claes bekend was en baie beeste by die Kompanjie geruil het. Die Sonkwas, tans die San genoem, het in die berge geskuil omdat almal op hulle jag gemaak het.

Nog ’n Khoi-stam, die Hessekwas, se weigebied het van die Hessekwaskloof by Riviersonderend tot by die Attakwaskloof by die Gouritsrivier gestrek. Hulle het dikwels kamp opgeslaan by Mosselbaai, en ook aan die oewers van die Duivenhoks- en die huidige Gaukourivier gewoon. Hoofman Gaukou van die Hessekwas was blykbaar nabyfamilie (’n broer) van die toenmalige Inkwahoof wat opperhoof oor die hele gebied was. Die Nederlanders het Gaukou “De Oude Heer” genoem, terwyl die Khoi hom aangespreek het op Portugees “Sire”. Na ’n besoek aan Gaukou skryf Simon van der Stel op 14 April 1684 dat hy nie net die hoof was oor baie mense en groot veekuddes besit het nie, maar dat hy vanweë die respek wat hy afgedwing het gereeld daarin geslaag het om geskille tussen Khoi-kapteins by te lê (Elphick, 1977).

VOC-dienaars

Die seelui wat in 1651 die vaart na die Kaap meegemaak het, was van die eerste VOC-dienaars met wie daar in die Resolusies kennis gemaak word: sommige was hoë amptenare mét name, die res was naamlose en oënskynlik onbelangrike mense, soos matrose, hooplopers (jongmatrose), soldate en ambagsmanne. Sonder die harde arbeid en opoffering van die gewone of mindere seelui was die seetogte wat gewoonlik lewensgevaarlik was, nie moontlik nie.

In die beginjare het die nedersetting se bevolking net uit VOC-dienaars en hul gesinne bestaan. Later het die bevolking toegeneem en ’n verskeidenheid mense uit verskillende wêrelddele, meestal uit Europa en die Ooste, het saam met die inheemse bevolking hier ’n blyplek gevind – van hulle uit eie keuse, soos die Hugenote, van hulle in gevangeskap, soos die slawe en Oosterse bannelinge.

Die name van die offisiere, soldate en amptenare werksaam in die Fort, later die Kasteel, en op poste in die nedersetting is gewoonlik jaarliks in sogenaamde monsterrolle opgeskryf. Die volgende lys wat in 1664 saamgestel is, verstrek egter inligting oor die ampte wat die VOC-dienaars toe aan die Kaap beklee het:
“1 Commandeur, 1 ondercoopman, 1 fiscael en secretaris, 1 kranckbesouker, 1 opperchirurgijn, 1 bouchouder, 1 dispensier, 4 scribenten, 1 sergeant, 2 Corporaels van d’ adelborsten, 1 ander en 1 derde Cherurgijn, 3 Corporaels, 1 Constabel, 1 ditto maet, 1 trompetter, 1 tafeldienaer, 1 Stalmeester, 2 oppassers, 3 busschieters bij d’ Constabel, 1 baes metselare en 12 knegts, 1 baes timmer en 16 d:o knegts, 1 baes Smits en 6 d:o knegts, 2 wagenmakers, 7 Personen die buijten d’ slaven in s Compagnies grooten thuijn gebruijckt worden, 2 kocx en backers, 1 geweldiger, 2 in ’s Comp:s beesten Crael achter tfort, 4 in ’s Comp:s paerden stal, 7 aen d’ ruijterwagt, 5 op d’ reduijt keert d’ koe, 3 op d’ kijckuijt, 2 op houtdenbul, 2 op ’t houte wambois aen ’t strant [dit wil sê 12 persone wat by die verskillende uitkykposte gestasioneer was], 4 in ’s comp:s boomgaert, 4 int bosch, 4 aenden bosheuvel, 15 aen in ’s Comp:s Corenschuijr, 5 op ’t robben eijland, 3 op d’ Chaloup bruijdegom, 2 op d’ Chaloup musquijt, 3 op ’s Comp:s open boot [dit wil sê 8 persone wat op 3 skepies diens gedoen het], 2 kuijpers, 5 bij ’s Comp:s vee aen d’ Schuijr, 6 bij d:o hier aen ’t fort, 2 die Continueel in d’ Cloof van d’ leeuwenbergh na schepen sien, 1 oppasser int hospitaal, 1 bierbrouwer, 1 tamboer en 17 die tot d’ gemene wercken als schiltwagten hier doorgaens aen ’t fort gebruijckt worden, als mede siecken en impotenten soo van hier aen land als d’ aencomende schepen hier gebleven. 178 Compagniesdienaren” (Kloeke, 1950: 248-249). Talle ander ampte is later ook gevul, onder andere dié van predikant en onderwyser.

Die getal VOC-dienaars het geleidelik toegeneem. In 1701 was daar net meer as 500. Tydens die Raadsvergadering van 29 Desember 1764 (C. 142) word genotuleer “dat het getal van ’s Comp:s Dienaaren ten deesen Gouvernement onder Ult:o Aug:s 1763: in 1246 Coppen bestaan hebbende, dus alhier 252 Coppen meerder waren aangehouden, als bij het reglement van a:o 1755 was toegestaan”. Die grootste personeelgroei vind gedurende die laat 1780’s plaas: in 1789 was daar bykans 3400 VOC-dienaars in die Kaapkolonie werksaam. Daarna het die Kompanjie om koste te bespaar die getal met meer as 1000 persone besnoei.

Byna al die VOC-dienaars het in die dorpie Cabo gewoon. So byvoorbeeld het net 134 van die 1331 in 1750 nie daar gewoon nie, waarvan 44 by “Baaij Fals” gestasioneer was en 33 op Robbeneiland aangehoudenes of wagte was. Namate die grense van die nedersetting verskuif het, is poste op verskillende plekke aan die voorpunt van die uitbreiding ingerig. Die poshouer het aan die hoof van so ’n (buite-) pos gestaan. Die name wat destyds aan die poste gegee is, is vandag nog bekende plekname in die Wes-Kaap, onder andere Soutrivier, Robbeneiland, Dasseneiland, St. Helenabaai, Piketberg, Houtbaai, Muizenberg, Vissershok, Gansekraal, Klapmuts, Riviersonderend, Buffeljagtsrivier, Soetmelksvallei, Rietvallei, Tijgerhoek en Outenikwaland. Die VOC-fort by Rio de la Goa in Mosambiek was die pos wat die verste van die Kaap geleë was (sien Ekspedisies). In die Raadsnotule van 16 September 1795, die dag waarop Engeland die Kaap oorgeneem het, is berig dat “de Posthouders in de Mosselbaai en Plettenbergsbaai” van die laastes sou wees om hierdie “naricht”, dit wil sê berig van oorname te ontvang.

Om te sorg dat handel as die VOC se hoofdoelwit bedryf kon word, was militêre beskerming van hierdie belange noodsaaklik. Dieselfde het ook aan die Kaap gegeld. Omdat die VOC aangewese was op buitelanders as soldate, was daar aan die Kaap ’n aansienlike aantal soldate uit onder andere Swede, Denemarke, Noorweë, Vlaandere, die Baltiese state, en die Duitse gebiede afkomstig. Talle soldate wat aan die Kaap gestasioneer was, het na afloop van hul VOC-kontrak van vyf jaar vryburgerstatus verkry en lede van die groeiende gemeenskap geword.

Die VOC-verdedigingstruktuur aan die Kaap is van tyd tot tyd getalsgewys deur dienaars van goedgesinde moondhede versterk. Daarom moes die Kaapse owerheid ter wille van goeie kommunikasie voorsiening maak vir sodanige anderstaliges wat aan wal gekom het. Toe daar byvoorbeeld ’n groot groep Franse soldate in 1781 arriveer om die Kaap te help verdedig, moes ’n VOC-offisier wat Frans magtig was, aangestel word om onder andere die nodige “ordres” tussen goewerneur Van Plettenberg en die Franse bevel oor te dra. Die Goewerneur kies L.F. van Wijnbergen, voormalige militêre aanvoerder op die skip *Mercuur* wat weens siekte aan die Kaap moes agterbly (5.6.1781, C. 159), vir hierdie amp.

Interessante verhale oor VOC-dienaars is in die Resolusies aangeteken. So is daar etlike kere genotuleer van vroue wat hulle soos soldate vermom, onder mansname die seereis uit Europa aangepak, en uiteindelik die Kaap heelhuids bereik het. Gewoonlik is hierdie vroue teruggestuur ‘huis toe’, maar ene Johanna Elisabeth, alias Johan Elias, Spelling van Zell is toegelaat om aan die Kaap ’n heenkome te vind (14.3.1744, C. 122). Dit het ook dikwels gebeur dat ’n soldaat wat te oud was om verder diens te doen ’n versoekskrif by die Raad indien om uit diens gestel te word. Op 18 Desember 1764 (C. 142) word die 78-jarige soldaat Jan Gerritz. van Lijden se aansoek deur die Raad toegestaan; hy sou ook ’n maandelikse toelaag van *ƒ*7 ontvang vir sy 37 jaar getroue diens aan die Kompanjie.

Rudolph Siegfried Allemann was ’n besonderse militêre figuur aan die Kaap. Allemann wat in 1693 in Neuensdorf, Duitsland gebore is, het sedert sy aankoms in 1720 as VOC-soldaat stap vir stap gevorder. Hy word agtereenvolgens “corporaal ... een man van nugtere bekwaamheid (4.9.1725, C. 73), sersant (1728), vaandrig (1729), luitenant (13.12.1735, C. 99), in 1740 hoof van die garnisoen en toe “provisioneele capiteijn deeses Casteels” (14.2.1741, C. 116). Daarna is hy bevorder “tot capitain militair deeses Casteels” (20.3.1742, C. 120), die hoogste militêre rang aan die Kaap. Hy was gevolglik verantwoordelik vir die verdediging en beveiliging van die Kaap teen aanvalle uit die binneland of van die seefront af. As gevolg van hierdie aanstelling word hy lid van die Politieke Raad, in welke hoedanigheid sy handtekening die eerste keer in die Raadsvergadering van 7 Januarie 1744 verskyn. Op 9 Julie 1742 (C. 121) word genotuleer dat Allemann “een stukje lands” met die naam “Sonneblom” as eiendom ontvang, en op 8 Oktober 1743 (C. 121) dat slegs 5 van die 12 morg bruikbaar was. Hy is op 22 Julie 1762 in die tuig oorlede. Sy lewensverhaal is deur ’n tydgenoot, O.F. Menzel, geskryf (sien Bronnegids).

Vryburgers

Volgens opdrag van die Here Sewentien moes Jan van Riebeeck ’n fort bou, ’n hospitaal vir siek seelui oprig, vrugte- en groentetuine aanlê, koringlande voorberei om graan aan die skepe te voorsien, en beeste deur ruilhandel met die Khoi in die omgewing van die nedersetting verkry. Dit het hy gedoen.

Van Riebeeck het egter gou na sy aankoms, al in 1652 en 1653, gewens dat die Bewindhebbers vir hom “vrije luijden” sou stuur om die grond te help bewerk, omdat die VOC-dienaars te min was om al die nodige arbeid te verrig. Aangesien die koringopbrengs aan die Kaap onvoldoende was om in die skepe se behoeftes te voorsien, moes die Bewindhebbers in 1655 vir Van Riebeeck toestemming gee dat van die amptenare uit die diens tree en toegelaat word om koring te kweek by Rondebosch, wat ’n geskikter omgewing was maar ’n ent van die Fort geleë. Hulle sou vir eie wins werk en bekwamer as die betaalde amptenare boer. Al die landbouers se produkte en beeste moes egter aan die Kompanjie verkoop word. In Februarie 1657 het die eerste nege vryburgers hul plase aan die Liesbeekrivier, wat toe die amptelike grens geword het, ontvang. Teen 1659 was 84 morg grond al bewerk. In 1662 was daar reeds 60 vryburgers, die meeste koringboere. Die ander vryburgers het hulle in die omgewing van die Fort as onder andere messelaars, kroegbase, skrynwerkers en vissers gevestig.

Daar moes voortdurend vars vleis aan die Kompanjie gelewer word om te kon voldoen aan die behoefte van die plaaslike mark en van die skepe wat vars voorraad aan boord moes neem. Vanweë die Khoi se nomadiese leefwyse agter weiveld vir hul kuddes aan, moes Kompanjiesamptenare gereeld die binneland verken op soek na groepe by wie vee geruil kon word. Die skape en beeste wat van die Khoi verkry is, is op veeposte by “de Schuur”, Steenberg, Saldanhabaai, Tygerberg, Eersterivier en Vishoek versorg. Veeboerdery het begin veld wen en in 1678 is daar aan vier vryburgers weiregte langs die Eersterivier toegeken.

Simon van der Stel het tydens sy bewind grootskaalse immigrasie van mense uit die Nederlandse en omliggende Europese gebiede aangemoedig. Die blanke bevolking het toegeneem en die nedersetting het tot ’n kolonie uitgebrei. Kommissaris-generaal van Rheede tot Drakenstein beveel in 1685 aan dat emigrasie uit Europa aangemoedig word vir die doeleindes van verdediging van die Kaap as VOC-besitting. Gevolglik emigreer ’n redelike aantal Nederlandse en Duitse setlaars. Om die tekort aan vroue effens te probeer verlig, is ’n klein aantal weesmeisies uit Amsterdam en Rotterdam gewerf om te emigreer. Die eerste dorpe, naamlik Stellenbosch en die Paarl, is gestig.

Die herroeping van die Edik van Nantes deur die Katolieke Franse koning in 1685, het nie net in Frankryk en omliggende lande ernstige gevolge gehad nie, maar het ook die samestelling van die Kaapse bevolking beïnvloed. Godsdiensverdraagsaamheid teenoor die Protestante (Hugenote) in Frankryk, is onmiddellik na die herroeping deur bloedige vervolging en moord vervang. Honderdduisende Hugenote het uit Frankryk gevlug en hulle in omliggende lande, waaronder Vlaandere en Nederland, gevestig. Die Here Sewentien het veral in hierdie mense belang gestel as wynboere, ’n beroep wat hulle later aan die Kaap met onderskeiding beoefen het. In 1688 kom die eerste groep “Franse vlugtelingen” (30.12.1693, C. 27) per skip in Tafelbaai aan. Hoewel daar uiteindelik net ongeveer 280 Hugenote was, het hulle ’n groot invloed op die Kaapse gemeenskap gehad. Hulle gaan woon veral in die “Fransse Hoek” (15.6.1717, C. 42), maar word deur ondertrouery met die Nederlanders en Duitsers volkome deel van die gemeenskap.

Omdat Simon van der Stel enige groepvorming deur ‘vreemdelinge’ wou verhoed, het hy opdrag gegee dat die Hugenote “vermengd met Duijtsche natien te mogen woonen ... omtrent 150 koppen, so mannen als vrouwen” (28 Nov. 1689, C. 20). Een derde van die Kaapse Hugenote, dus 58 persone, was afkomstig van die historiese Vlaandere, waarby die huidige Frans-Vlaandere ingesluit was. Hulle het uit drie streke gekom, naamlik die huidige Vlaandere, die Ryselse streek en die gebied rondom Calais. Die feit dat baie van die Hugenote uit Frans-Vlaandere Vlaamstalig of Vlaamskundig was, het bygedra dat hulle heel vlot in die Kaapse omgewing aangepas het. Hulle was die brugbouers tussen die Franstalige Hugenote en die Nederlandssprekende ingesetenes, aangesien baie Frans-Vlaamse Hugenote tweetalig was. Vir die Hugenote was hul Gereformeerde geloof egter die belangrikste. Wat geloof- en kerksake betref, het Frans

aanvanklik wel ’n heel belangrike rol gespeel. Hulle dring aan op ’n Franssprekende predikant, ds. Simond (C. 20) wat kerkdienste en seremonies in Frans gehou het. Korrespondensie deur die Franse kerkraadslede en gemeentelede aan die Raad moes egter in Nederlands vertaal word voordat die inhoud daarvan deur die Raadslede oorweeg is.

Hoewel die landbou goed op dreef was, het die vryburgers eerder met vee as met koring en wyn geboer. Teen ongeveer 1710 was daar dus al ’n aantal veeboere en binne die volgende geslag het hulle en hul gesinne van een weiveld na die ander al hoe meer ooswaarts getrek. Teen 1750 was die trekboere reeds ver gevorder op pad na die Sondagsrvier aan die oostekant van die Kolonie. Hul gebiedsuitbreiding het ’n lang en bitter konflik met die San veroorsaak. In 1760 bereik die eerste Trekboere die omgewing van die huidige Beaufort-Wes in die Groot-Karoo, en in 1770 kom hulle in die Cambdebo aan waar hulle ook Xhosa-stamme by die Visrivier teenkom. In 1778 het goewerneur Van Plettenberg ’n inspeksietoer aan hierdie gebied gebring en afsprake oor die grens gemaak, wat deur nóg die Trekboere, nóg die Xhosas eerbiedig is (sien sy verslag in Godée Molsbergen IV, asook Ekspedisies).

Slawe

Omdat soveel werk te doen was in dié jong nedersetting en dit steeds toegeneem het namate die Kolonie uitgebrei het, was daar voortdurend ’n groot tekort aan en vraag na arbeiders. Daar was ’n mate van arbeid in die oestyd en later as veewagters, deur die Khoi, maar dit was onvoldoende. Aangesien daar heeltemal te min VOC-dienaars en vryburgers was om die werk te doen, was die enigste uitweg om van slawearbeid gebruik te maak. Slawe is nie net in die Kaap gebruik nie, maar was later ook op die platteland in groot aanvraag.

Op 28 Maart 1658 bereik die skip *Amersfoort* die Kaap met die eerste vrag slawe vir hierdie land, naamlik 174 Angolese aan boord. Tydens die Raadsvergadering van 8 Mei 1658 (C. 1) word berig dat die Hasselt twee dae tevore vasgemeer het met 228 slawe en slavinne aan boord. Onderweg is 43 van hierdie groep slawe wat by Popo (vroeër by Arder, tans Lagos) verhandel is egter dood. Daar is besluit dat die Hasselt na Batavia sou vertrek “en daarmee af te senden een getal van 140 a 150 stucx slaven”. Op die vergadering van 30 Mei 1658 (C. 1) word berig dat 200 slawe daagliks deur die Kompanjie gevoed moes word. Op 28 Augustus 1658 (C. 1) hoor die Raadslede van Guinese en “Angoolse” slawe wat weggeloop het. Tydens die Raadsvergadering van 26 Oktober 1678 (C. 13) verneem die Raad dat slawe op Madagaskar ingekoop is, maar dat hulle direk vandaar na die weskus van Sumatra geneem sou word. Hierdie soort verslagdoening in die Resolusies kom gereeld tot aan die einde van die VOC-tydperk aan die Kaap voor.

Die slawe wat na die Kaap gebring is, was veral afkomstig van die eilande van Indonesië, Bengale in die noordooste van Indië, die Kus van Koromandel in Suid-Indië, Maleisië, Madagaskar en die kuste van Afrika, onder andere Guinee, Angola en Mosambiek. Volgens die slawehandelaars en -eienaars was die slawe uit Madagaskar besonder geskik vir die landbou, terwyl die Angolese slawe swaar arbeid kon verrig. Die slawe uit Indië en sommige plekke in Indonesië is besonder gewaardeer vanweë hul vaardighede as ambagsliede.

Die slawe en slavinne van Bengale het na hul vrystelling skynbaar die beste in die Kaapse samelewing gevaar. Die eerste vrygestelde slavinne was Katrina van Bengale, Maria van Bengale en Angela van Bengale. Op 14 Maart 1680 (C. 14) word Maria van Bengale se versoek om vrystelling aan die Raad voorgelê en goedgekeur. Oor Angela van Bengale(n) se lewe waarvan meer bekend is, die volgende: In 1655 koop Jan van Riebeeck dié slavin by Pieter Kemp. Toe Van Riebeeck se kleindogter, Johanna Maria, die Kaap in 1710 besoek, skryf sy in ’n brief van “Ansiela” wat haar vader en sy broers en susters (die Van Riebeeck-kinders) opgepas het. Sy skryf verder dat Ansiela later met ’n Hollander getroud is en dat haar dogter die vrou van kaptein “B.” was. Dit is inderdaad so dat “Maai/Mooi” Angela, ook genoem Ansiela, ná haar vrystelling met Arnoldus Basson getroud is en die stammoeder van die Basson-familie in Suid-Afrika geword het. Terwyl Angela nog ’n slavin was, is haar dogter, Anna de Koning, uit ’n buite-egtelike verhouding met ’n Europeaan gebore. Anna was nie net mooi van aansien met fynbesnede gelaatstrekke nie, maar was ook geletterd en het met ’n vaste hand dokumente onderteken. Sy was met kaptein Oloff Bergh getroud en het op haar beurt die stammoeder van die Bergh-familie in Suid-Afrika geword.

Tydens die Raadsvergadering van 8 Mei 1686 (C. 18) word Maria Schalck, Armosyn van die Kaap en Jannetje Bort, al drie slavinne op die wynlandgoed Constantia, vrygestel op grond daarvan dat hulle gedoop en van “Christe” vaders was. Dit is ook opvallend hoe dikwels slavinne wat minnemoeders was, vrygestel is. So ’n vrou is in diens geneem om ’n kindjie te soog. Hierdie minnemoeders het op indirekte wyse tot die bevolkingsaanwas bygedra, want terwyl hulle die babas gesoog het, kon die moeders van die kindertjies gouer weer swanger raak.

Wat eienaars betref, kon die Kaapse slawe in drie groepe verdeel word, naamlik diegene wat behoort het aan die Kompanjie, die Kompanjiesdienaars en die vryburgers. Daar was ook vryswartes wat slawe besit het, onder meer die Maleier Intje Aallan van “Mano Capo” oor wie daar in ’n versoekskrif in die Raadsnotule van 14 April 1733 (C. 92) gemeld word: Drie jaar na sy dood dien sy twee vrygelate slawe

Manus van Bouton en Sabina van Macasser (wat weens ’n administratiewe fout toe nie vrystellingsbriewe ontvang het nie) ’n versoekskrif in vir die vrystelling van hul dogter, Rabbia van de Caab. In Aallan se testament waarin hulle drie as erfgename benoem is, spreek hy ook sy wens uit dat hulle vrygestel sou word. Abraham de Haan (ook genoem Abraham Ade Haan en Ibrahim Adehaan) en die vryswarte Hercules Valentijn was bereid om as borge op te tree indien enige van hulle drie binne ’n bepaalde tyd die diakonie tot las sou wees. Aangesien daar nie eksekuteurs aangestel was nie, is die versoekskrif aan Raad gerig om vrybriewe aan die ouers en dogter toe te staan. Die Raad het die versoek goedgekeur.

Dit het talle kere gebeur dat slawe of slavinne aansoek doen om uit slawerny ontslaan te word en dat hierdie versoek voor die Raad gedien het. Indien ’n slaaf of slavin die Heilige Doop ontvang het, die “Nederduijtsche” taal kon praat en ’n “kloeke” mansslaaf in sy/of haar plek aan die Kompanjie kon bied, of as dít nie moontlik was nie, ’n bepaalde bedrag gelykstaande aan ’n sterk, jong slaaf betaal, het hy/sy ’n vrystellingsbrief by die Raad ontvang: “Terwijl Laatstelijk nog uijt slavernij sijn ontslagen en in vrijdom gesteld seekere Slavinne der E. Comp:nie gen:t Johanna van Elsje van Mulder van de Caab en haar soontje Jacobus van Johanna van Elsje, als sijnde d’ eerste gedoopt en de hollandse Taal magtig, mits dat sij soo voor haar als haar soon aan d’ E. Comp: komt te betaalen een somma van Een hondert en vijftig guldens Indische valuatie” (26.9.1747, C. 125). In die volgende geval is aan ’n manslaaf vrystelling verleen: “Laatstelijk is seekere ’s Comp:s slaaf gen:t Cornelis van Marij van Calmeronde uijt aanmerkinge dat hij het Sacrament des H: Doops heeft ontfangen, en daar en booven ook in de Needer duijtsche Taal seer wel is ervaaren, op sijn versoek uijt slavernije ontslaagen en in vrijdom gesteld, sijnde den slaaf die door denselven aan d’ E. Compagnie in sijn plaats aan gepresenteert word gen:t Paris van Macasser bij visitatie bevonden te weesen van de verEijschte bequaamheeden” (30.7.1748, C. 126). Daar kom talle soortgelyke voorbeelde in die Resolusies voor.

Met die koms van die slawe na die Kaap, moes Van Riebeeck toesien dat niemand Portugees, die lingua franca in Asië, met slawe praat nie en dat geen ander taal as “ons Moedertaal” teenoor hulle gebruik sou word nie. Die Kompanjieslawe se kinders het onderrig in Nederlands ontvang, hetsy in die slawelosie of in die ander Kaapse skole. Dit blyk dat die slawelosie se “Schoolmeesters” van wie daar in die Resolusies berig word, die “Neederduijtsche Taal” volkome magtig was: Hans Jacob Jurgen van de Caab, op die boeke bekend as Hans Jacob van Mariabeen, doen aansoek om vrygestel te word (2.6.1744, C. 122); hy kon Nederlands vlot praat en was toe reeds omtrent 15 jaar skoolmeester. Ook Christoffel van Simosia wat al 19 jaar skoolmeester in die slawelosie was, vra om vrygestel te word (27.4.1751, C. 129), maar stem op versoek van die Raad in om na sy vrystelling nog enkele jare in sy pos waar te neem. Een van die vereistes om uit slawerny vrygestel te word, was juis die bewys dat die aansoeker die “Neederduijtsche Taal” volkome magtig was.

In die Resolusies is nie net oor slawe en die slawehandel berig nie, maar besluite wat die alledaagse lewe van hierdie mense geraak het, is ook deur die Politieke Raad geneem. So byvoorbeeld is daar tydens die Raadsvergadering van 30 Maart 1717 (C. 41) ’n plan ingedien vir die vergroting van en verbeterings aan die slawelosie of “slavenhuijs”: Die oppervlak van 180 vt. x 85 vt. word vergroot tot 230 vt. x 85 vt. Daar kom ’n groot binnehof; nuwe ingang; materiaalhokke en provisiekamers waarin ook brandemmers gehou moes word; ’n wooneenheid vir Hollandse mandoors; ’n wooneenheid vir inlandse mandoors en skoolmeesters; ook ’n trap na bo. Die hele ruimte op die tweede verdieping is toegesê aan die slawe en slavinne wat as pare saamwoon, en skoolseuns. Daar is ook twee beslote secrete (‘toilette’) vir onderskeidelik slawe en slavinne, met aflope vir rioolinhoud; ingange en trappe word voorsien; as beskerming teen die Suidoostewind, is daar deure aan albei kante van die kombuise; ’n deurgang lei tot ’n nuwe, klein binneplein na wooneenhede in ’n enkelverdiepinggebou, as woonplek van die matres (Ndl. ‘schoolmeesteres, houdster van een bewaar- of kleuterschool’, betekenis tans verouderd) en siekemoeder, vir die skooldogters, en vir siekes, bejaardes en gestremdes. Verder word die skool en ’n vertrek vir die kommissarisse of opsigters van die slawelosie, ook hier ingerig.

Bandiete

In die notule van die Raadsvergadering gehou op 13 Maart 1792 (C. 202), word ’n duidelike uiteensetting gegee van die bandiete wat op Robbeneiland gevangenisstraf uitgedien het. Hieruit blyk dat die VOC-owerheid vier klasse bandiete onderskei het, naamlik: 1. staatsgevangenes (politieke gevangenes en terdoodveroordeeldes); 2. Europeane; 3. slawe en Khoi wat lewenslank verban is, en 4. slawe en Khoi wat vir etlike jare “gemeene werk” moes doen.

Onder die eerste groep was “Indianen”, meestal prinse en priesters, wat om politieke redes uit die Ooste na die Kaap gestuur is. Omdat dit te gevaarlik sou wees om hierdie Indiese “grooten” die geleentheid te gee om met die aansienlike getal Oosterse slawe aan die Kaap te meng en hulle moontlik tot wandade aan te vuur, is hulle op Robbeneiland aangehou.

Op 28 April 1744 (C. 122) is genotuleer van twee verbanne Oosterse “Mahometaanse” priesters, Said Allowie en Kadje Mattavan, wat aan mekaar geketting was en op Robbeneiland gevange gehou is.

Op 18 April 1747 (C. 125) kry die Raad berig dat die Macassarse “prinsje” Dain Mangilieki, die gedemoveerde Poelem Bankeengs, asook die regent Dain Manompo en sy twee seuns, en die gevaarlike raadsman en priester van Motjong Kombo van Ceilon af op pad was na die Kaap. Volgens ’n “extract” uit die algemene Resolusie van die Kasteel Batavia (2.8.1746) is hulle almal as baie roof- en muitsugtig beskou en sou dadelik by hul aankoms na Robbeleiland gestuur word.

Op 18 Februarie 1755 (C. 133) word berig van Manuel Thuart van “Tutucorijn”. (Tuticorin is ’n dorp geleë in Suid-Tamil Nadu, Suid-Indië, aan die Golf van Mannar, wat in 1658 deur die Nederlanders oorgeneem is.) Hierdie Kompanjiesbandiet wat in die slawelosie gewoon het, was lid van die “Caste Parua”, ’n groep inlanders wat deur die Portugese gekersten is en as die St. Thomas-Christene bekend gestaan het. Die Parruas was van die kus van “Mandurai” (Madurai, ook Madura) afkomstig en het hulle uitsluitlik op pêrelduikery toegelê. Die skip *Deunisveld* het digby die kiel aan stuurboord ’n lekkasie ontwikkel en die amptenare belas daarmee, was bekommerd hoe dit herstel kon word. Hulle besef dat hulle die diens van “een bequaam Duijkelaar” moes verkry om onder water ondersoek na die lekplek te gaan instel. Hulle onthou toe van die bandiet Manuel Thuart wat as gewese pêrelduiker net die regte persoon vir dié opdrag sou wees. Hy het op twee opeenvolgende dae tot sewe keer geduik, telkens 5 tot 6 minute onder water gebly en kon albei sye van die skip goed bekyk. Volgens hom kon die skeur aan die romp van binne herstel word. Omdat Manuel hom met soveel ywer so goed van sy taak gekwyt het, het die Politieke Raad besluit dat hy nie langer bandiet sou wees nie. Goewerneur Tulbagh het ingestem dat Thuart 30 ryksdaalders as vergoeding ontvang. Hy is ook gekies as ekspedisielid wat met die skip *Schuijlenburg* na die kontant en ander goedere afkomstig van die gestrande skip *Breedenhoff* by Delagoabaai sou gaan soek. Tydens die Raadsvergadering van 10 Februarie 1756 (C. 134) is berig dat die soektog volgens die joernale van skipper Hans Harmensz. en “commies” Dirk Westerhof vrugteloos was. Daar is nooit weer iets oor Manuel Thuart berig nie.

Bannelinge

Oosterse adellikes is gereeld na die Kaap verban. Indien hulle as gevaarlik beskou is, is hulle na Robbeneiland gestuur. Ander Oosterse bannelinge is toegelaat om in die Kaap en in die distrikte te woon.

Aan die hand van die Resolusies is dit dikwels moontlik om ’n oorsig te verkry oor sodanige persoon se doen en late waarby die Politieke Raad belang gehad het. Dit was die geval met Pangerang Loringh Passir wat saam met sy broer, Pangerang Dipa Nagara na die Kaap verban is. (*Pangerang* is ’n adellike titel wat op Java gebruik is vir die seuns van regerende vorste, en ’n adellike titel in Oos-Indië vir ’n inlandse prins of persoon van hoë rang.) Pangerang Loringh Passir se naam verskyn die eerste keer in die Resolusies in 1719, daarna in 1722, 1731, 1732 en in 1737 toe van sy dood berig is. In Junie 1737 meld die Raad dat alles gereël was om sy lyk, asook sy vrouens, kinders en bediendes (17 persone) per skip na Batavia terug te stuur.

Van tyd tot tyd word die name van Oosterse bannelinge in die Resolusies teengekom, onder andere die “gebanne Radja Tambora” en die prinse van Ternaten. In die notule van 11 Februarie 1733 (C. 91) word berig van die “Ternataanssen prins, Ketees Malocco” wat versoek het dat sy drie kinders Amel, Talie (werksaam by onderkoopman Decker) en Adel (werksaam by die weduwee Thibault) by sy slavin “Rosette van Ceylon”, na sy dood vrygestel moes word en erf wat hy sou nalaat.

Op 12 Januarie 1747 (C. 125) word genotuleer van die gewese Madurese regent Radeen Djoerit wat toe pas in die Kaap aangekom het. Op eie versoek wou hy nie brood eet nie, en kon die rys wat hy benodig het maandeliks teen inkoopprys by die Kompanjie se “dispens” gaan haal; volgens dié notule het die Pangerang Loringh Passer in die verlede dieselfde soort versoek gerig.

Tydens die Raadsvergadering van 27 Maart 1759 (C. 137) word aangeteken van die twee Cingalese bannelinge Leander de Saram en Louis Perera wat van Stellenbosch na Swellendam verplaas is. Later (4.5.1761, C. 139) word berig van die briewe wat in hul taal, Cingalees, geskryf is en nie deur enige VOC-amptenaar gelees of verstaan kon word nie.

Op 25 November 1788 (C. 180) dien Achmet, Prins van Ternate, se versoek om saam met sy gesin na die Ooste terug te keer voor die Politieke Raad; dié versoek is toegestaan. Hy en sy familie bestaande uit sy vrou Constantia van die Kaap, haar moeder Dina van die Kaap en grootmoeder Phillida van Batavia, benewens hul kinders Salasa, Fatima, Camies en Abdulla almal van die Kaap, asook ’n vrye “meid” Cita van Bougies en die slaaf Jounga van Ternaten sou per skip, die *Voorberg*, na Batavia reis. Vanweë die prins se behoeftige omstandighede is hulle van transport- en kosgeld vrygestel.

Aan die einde van die VOC se bewind verskyn die name van die volgende bannelinge op Robbeneiland in die Resolusies: die Javaanse priester Abdul Rassieb (28.8.1792, C. 206), Jan Smit van Dilburg wat in 1787 vir vyf jaar verban is (18.10.1792, C. 208) en Paap Mamoud (7.9.1792, C. 207).

Die banneling Adriaan van Zeyl se aansoek om weer na sy woonplek aan die Kaap terug te keer nadat hy op 21 Maart 1788 uit die land verban is, dien op 1 Oktober 1793 (C. 219) voor die Raad.

Net meer as ’n maand voordat Engeland die Kaap sou oorneem, word daar op 5 Augustus 1795 (C. 231) genotuleer dat 27 stuks bannelinge van Robbeneiland af “herwaarts”, dit wil sê Kaap toe, gestuur sou word.

Plekname in die Resolusies

Die Weste, die Ooste en Afrika het mekaar aan die suidpunt van hierdie vasteland ontmoet. Deur die Resolusies maak ’n mens kennis met plekname van Europa, soos *Groot Brittaniën, Engeland, Vrankrijk, Deenemarken, Pruissche;* die Ooste, soos *China, de Cust van Mallabar, Bengale, Malacca, Padang*, die *Ganges* en *Pattena*; eilande, soos *Ambon, Madagascar, Mauritius en Cocus*; en Afrika, soos *Angola* en *Mozambiek*.

Die Resolusies is ’n geweldig uitgebreide bron vir pleknaamnavorsing, en sluit dorp-, plaas-, streek-, rivier- en bergname in. Hierbenewens hou ’n groot aantal persoonsname van onder andere VOC-dienaars, vryburgers en bannelinge, asook slawe wat hoofsaaklik volgens herkomsgebied geïdentifiseer is, met ’n bepaalde pleknaam verband. Dié aspek is ook van besondere belang vir familienavorsing. Op die TANAP-webblad verskyn ’n landkaart uit ongeveer 1730, waarop die name van plekke en inheemse volke van Suid-Afrika weergegee word.

Plekname soos Tafelberg, Saldanha Baij, Baaij fals, Ronde bosje, name van buitedistrikte, soos Stellenbosch, Draakensteijn, Land van Waveren, Swarte Land, tot sover as die Colonie van Swellendam, Grootvadersbosch, Attaquas Cloof, Gourits Rivier, Sneeuwberg en die Caro - elk met ’n eie interessante herkomsgeskiedenis – het almal in die Resolusies voorgekom en is steeds deel van die Suid-Afrikaanse landskap. In die volgende bespreking van plekname word die huidige spelvorm gebruik, tensy anders aangedui.

Die pleknaam Kaap die Goeie Hoop

In die Resolusies is dít die pleknaam wat die meeste voorkom en as gevolg daarvan ook nie gekodeer is nie; dit kan wel onder ’n verskeidenheid name gesoek en gevind word. Aanvanklik is die Portugese naam, naamlik *Cabo da Boa Esperanza*, maar veral die variasie *Cabo de Boa Esperance* meestal gebruik; later verskyn Nederlandse woorde, naamlik de *Goede Hoop*; *Kaap* word ook aangeteken en in die laat 18e eeu verskyn *Cape Town* in Engelse briewe aan die Raad. Aan die hand van die volgende blyk die verskillende vorme, voorafgegaan met die eerste datum van voorkoms in die Resolusies:

1652 *Cabo de Boa Esperance in ’t Fort de Goede Hoop*
1659 *Cabo de Bonne Esperance*
1665 *Cabo Bonna Esperance*
1661 *alhier aan Cabo*
1667 *Cabo d’ Boae Spaei* (slegs een keer)
1668 *in ’t Fort de Goede Hoop aan Cabo*
1669 *dese Cabo*
1679 *in ’t Fort d’ Goede Hoop*
1679 *in ’t Casteel de Goede Hoop* (die Kasteel is nou in gebruik) (C. 14)
1782 *Cape of Good Hope*
1783 *Kaap de Goede Hoop*
1784 *Cape Town* (kommandeur Bickerton se Eng. brief aan die Raad (C. 166))

Plekname van Khoi-herkoms

Talle plekname van Khoi-herkoms kom as Suid-Afrikaanse plekname voor. Met die vestiging van die VOC aan die Kaap was hierdie name lank reeds bekend. Namate gebiedsuitbreiding plaasgevind het, het die koloniste wat toe 'onbetrede' grondgebied binnebeweeg het, nog meer plekname van inheemse herkoms aangetref (sien onder Ekspedisies veral Oloff Bergh se landtog, en Hendrik Hop en Jacobus Coetzee se reis na Namakwaland). Die herkoms van die plekname wat vervolgens bespreek word, is in Nienaber en Raper (1977, 1980) beskryf. Waar moontlik, word die eerste vindplek in die Resolusies verstrek.

Die oorspronklike Khoi-pleknaam word behou

- *Hantam (hantams ... Districten,* 17.5.1774, C. 152) is die vervorming van *heyntama* wat in 1685 in Simon van der Stel se *Joernael* deur sy kunstenaar-wetenskaplike Claudius geteken en beskryf is as "een soort van geranium met een soete en eetbare wortel, die dierhalven by d' Inwoonders seer getrocken". Die oudste optekeninge van die naam toon aan dat die beginpunt van die gebied die groot berg was waar hierdie wortelkos gevind is. Hamtam het vandag tot streeknaam ontwikkel.
- *Kamdeboo (Camdebos ... Districten,* 17.5.1774, C. 152) beteken 'groengat', 'groenholte' of 'groenseekoeigat' en is saamgestel uit Khoi *Cam-/Kam-* 'groen' en *-debo(o)* 'gat, seekoeigat, holte'. Die Khoi het die plek so genoem na die half sirkelvormige groen seekoeigat wat in dié streek geleë was.
- *Karoo (Caro,* 4.2.1794, C. 221) beteken 'droog', 'harde grond', so genoem na die aard van die landstreek. Die Khoi het met hul veekuddes oor die uitgestrekte Karooveld rondgetrek. Die koloniste noem hierdie gebied aanvanklik die Droogeveld, wat 'n vertaling van die Khoi-pleknaam was.
- *Tsitsikamma (Citzij kamma,* 19.5.1789, C. 182) is waarskynlik saamgestel uit Khoi sitse 'begin' en *-kamma* 'water, rivier', so genoem na die hoë reënval en die talle riviere en strome in die woudkusstrook tussen Plettenbergbaai en Humansdorp.

'n Khoi-stam word benoem en met 'n Ndl./Afr. element gekombineer

- *Namakwaland (Namaquas,* 1.2.1659, C. 1) is saamgestel uit die Khoi-stamnaam *Namakwa* 'Nama-manne' en Afr. *-land*. Brink (1761) het na dié streek verwys as "Amacquas Land" (Nienaber en Raper, 1977:846). Die landstreek is in die noordweste van die Kaapkolonie geleë.
- *Obiekwaberge (Obiquâs,* 26.3.1676, C. 9) is saamgestel uit die Khoi-stamnaam *Obiekwa* en Afr. *-berge.* Die stam was ook as die Ibekwa, Hawekwa en Abikwa bekend. Die berge kom wes van Tulbagh in die Wes-Kaap voor.
- *Outenikwaland (Houteniquase,* 31.3.1690, V.C. 12) is saamgestel uit die Khoi-stamnaam *Outenikwa* en Afr. *-land.* Dit is die naam van die streek tussen die huidige Knysna en Mosselbaai, suid van die Outenikwaberge.
- *Gamtoosrivier (Gamtouerland,* 11.3.1710, C. 27) is saamgestel uit die Khoi-stamnaam, *Gamtouers* vervorm tot *Gamtoos* en Afr. *-rivier.* Die stam het in die omgewing van dié rivier gewoon. Die Gamtoosrivier wat in 1770 die oostelike grens van die Kaapkolonie geword het, is veel vroeër reeds opgeteken deur reisigers soos vaandrig Beutler (sien Ekspedisies) wat dit as *Gamtausch* geskryf het.
- *Gouritsrivier (Gourisse Hottentots,* 1.10.1699, C. 23) is saamgestel uit die Khoi-stamnaam, *Gowrikwas* vervorm tot *Gourits* en Afr. *-rivier.* In 1667 het korporaal Hieronymus Cruse en sy geselskap tydens 'n binnelandse reis met hierdie mense kennis gemaak. Die krale van die stam was geleë aan die oewers van die rivier wat later as die Gouritsrivier bekend geraak het.

Die pleknaam bestaan uit 'n Khoi- asook Ndl./Afr. element

- *Leeu-Gamka* is saamgestel uit Afr. *leeu* en Khoi *-gam- 'leeu'* met *-ka* wat op 'n suigklank dui; dit is 'n verdubbeling van betekenis: 'leeu-leeu'. Dit is die naam van 'n dorp by die sameloop van die Leeu- en die Gamkarivier, suidwes van Beaufort-Wes.
- *Touwsrivier* is saamgestel uit *touw* uit Nama *tsao-s* 'asbos', 'brakbos' (*Salsola aphylla*) en Afr. *-rivier.* Dit is moontlik so genoem na die asbosse wat daar groei, of meer waarskynlik na die voorkoms van die grond. In 1778 skryf kolonel Robert Gordon: "Vier uren na de draaij daar de Tow of Ass rivier langs loopt".

Die Khoi-pleknaam of -sinsnede is volledig in Ndl./Afr. vertaal

- *Botrivier (Bot Rievier,* 3.1.1708, C. 26) is saamgestel uit *bot-* as verkorting van Ndl. *boter/*Afr. *botter* wat 'n vertaling is van Khoi *Gouga* 'botter', en Afr. *-rivier.* Die plek is skynbaar so genoem omdat die koloniste hier vroeg in die 18e eeu by die Khoi botter gekry het. Omdat die weiding in die omgewing so goed was, het die Khoi hul veekrale hier gebou.
- *Riviersonderend (Rivier Sonder Eijnde*, 11.3.1710, C. 27) is 'n vertaling van Khoi *Kannakamkanna*, met dieselfde betekenis. Die rivier is so genoem omdat dit moeilik was om vanweë die talle sytakke en hoofstrome te bepaal waar dit werklik ontspring.

Plekke na lede van die Politieke Raad vernoem

Etlike dorpe in die voormalige Kaapkolonie is na lede van die Politieke Raad en/of hul familie vernoem. Hierdie plekname bestaan steeds en vorm deel van die Suid-Afrikaanse pleknaamskat. Waar moontlik, word die eerste vindplek in die Resolusies verstrek.

- *Riebeek-Kasteel (Riebeekscasteel*, 13.3.1701, C. 24) is die naam van ’n berg wat op 3 Februarie 1661 deur ’n ekspedisie onder leiding van Pieter Cruythoff na Jan van Riebeeck vernoem is.
- *Stellenbosch (Stellenbos*, 27.10.1681, C. 15) is in 1679 deur Simon van der Stel vernoem na homself en die Wilde Bosch aldaar. Die dorp is in 1685 gestig.
- Die *Drakenstein*-streek (25.12.1687, C. 19) is in Oktober 1687 benoem ter ere van die Hoë Kommissaris, Hendrik Adriaan van Rheede tot Drakenstein, wat die Kaap twee jaar vroeër besoek het. Goewerneur Simon van der Stel het hierdie gebied in 1687 aan die landbouers oopgestel.
- *Land van Waveren* (13.4.1711, C. 28) is in 1699 deur Willem Adriaan van der Stel benoem ter ere van die Oetgens van Waveren-familie, waaruit sy moeder gestam het. Voor hierdie datum, maar ongeveer dieselfde tyd en daarna is hierdie streek ook *Roodezand (Roodesand*, 1.6.1698, C. 23) genoem; tans heet die plek *Tulbagh*, vernoem na goewerneur Ryk Tulbagh.
- *Swellendam* (25.6.1748, C. 126) in die Suid-Kaap is in Oktober 1747 vernoem na goewerneur Hendrik Swellengrebel (1700-1760), en sy vrou, Helena ten Damme.
- *Plettenbergbaai (Plettenbergs baaij*, 17.6.1785, C. 168) is in September 1778 tydens goewerneur Joachim van Plettenberg se reis na die binneland na homself vernoem.
- *Graaff-Reinet (Graaff Rijnet*, 13.12.1785, C. 169) in die Oos-Kaap, is in 1786 deur landdros Woeke na goewerneur Jacobus van der Graaff en sy vrou Reinet vernoem.
- *Gordonsbaai* is vernoem na kolonel Robert Jakob Gordon, wat in 1777 as kaptein in die land aankom en later bevel oor die garnisoen aan die Kaap oorneem.

Enkele Oosterse plekname

Oosterse plekname, soos *Batavia, Macassar, Malabar* en de *Cust van Malabar* (ook *de Cust*), *Ambon* en *Malacca* kom dikwels in die Resolusies voor.

- *Batavia* op Java, is in 1619 gestig en word die hoofstad van Nederlands-Indië, die VOC se Asiatiese ryk, en die hoofkwartier van al die Kompanjie se bedrywighede in die Ooste. Na onafhanklikheid van Indonesië is Batavia na sy oorspronklike naam, Jakatra, hernoem: Jakarta.
- *Macassar* (tans Ujung Pandang) was ’n belangrike handelsentrum op die Indonesiese eiland Sulawesi (vroeër Celebes). In 1512 het die Portugese daar aangekom en later ’n fort gebou. Die VOC het Macassar in 1667 verower, ’n fort gebou en dit Rotterdam genoem. In 1694 verban die Kompanjie ’n inheemse prins en Moesliem geleerde, Sheg Yusuf na die Kaap waar hy ’n Moesliem-gemeenskap in die nuwe land gestig het. Sy kramat (graf en bedeplek) op Seinheuwel is een van ses Moesliem-grafte wat ’n heilige sirkel om die stad vorm. Tydens die Raadsvergadering van 6 September 1757 (C. 135) word melding gemaak van “de sogenaamde Macassers Duijnen agter de Buffels Valleij” waar houtskool vir gebruik deur die Kaapse inwoners, gebrand kon word.
- *Malabar* was ’n voormalige distrik, maar nou deel van Kerala, Indië. Die *Kus van Malabar*, kortweg *De Cust*, verwys na die gebied geleë aan die Suidweskus van Indië, die state Mysore en Kerala, tussen die westelike Ghats (’n bergreeks in Suid-Indië) en die Arabiese See.
- *Ambon, Amboina, Amboyna* is die naam van ’n eiland van die Molukke, Indonesië. Die Portugese wat die eiland in 1510 ‘ontdek’, het hulle in 1521 daar gaan vestig. Dit was die sentrum van die Portugese kruienaeltjiemonopolie, wat in 1605 deur die VOC verower is. Al die Molukse eilande is langsamerhand daarna onder VOC-gesag gestel, uiteindelik ook Ternate (1683).
- Malacca is ’n hawestad in Maleisië, wat die kruieroete oorheers het. Die Portugese het hulle in 1511 daar gevestig, terwyl die VOC die stad in 1641 verower het.

Op talle plekke in die Resolusies van die Politieke Raad kom name van VOC-handelsposte in die Ooste voor, onder andere Bengale, Bima, Calicut, Casimbasar, Ceylon, China, Galle, Houghly, Koromandel, Mocha, Nagapatnam, Palicatta, Siam, Sumatra, Suratte, Ternate, Timor en Trincomale.

Daar is ook heelwat lyste met skeepsvoorraad in die Resolusies opgeneem. Talle tekstielname wat in sodanige lyste voorkom, is afgelei van Midde- en Verre-Oosterse plekname, byvoorbeeld *armoesijn* van Ormuz, Persië, *gilang* van Gilan, Persië, *guinees* van Guinee, en *salempoeris* van Salemporis/Serampore aan die Koromandelkus (sien Woordelys).

Skeepvaart om die Kaap die Goeie Hoop

As daar geen skeepvaart was nie, was geen ontdekking en besetting van die Kaap moontlik nie. Wat uit die Resolusies opval, is die voortdurende aankoms en vertrek, ’n rustelose bedrywigheid om die retoerskepe heen, gevul met voorraad en skeepslui, en passasiers/reisigers as besoekers of voornemende inwoners van die Kaap. Skeepsname soos *Standvastigheijd, Liefde, Gecroonde Leeuw, Patriot, Landscroon, Bartha Petronella, Wackerheijd, Held Wolthemade, Vlissingen, Tolsduijn* en *Admiraal de Ruijter* is naderhand bekendes omdat hulle jaar na jaar by die Kaapse “rheede” vasmeer.

Die Kaap het voortgegaan om as belangrikste verversingspos vir die vlote van die Kompanjie op die roete na die Ooste te dien. Talle skepe van ander state het die Kaap besoek. Veral Engelse skepe het Tafelbaai dikwels aangedoen. Die skippers van sulke skepe het gewoonlik vertoë tot die Politieke Raad gerig waarin hulle versoek het om verversings te mog aankoop. Ten spyte van die verbod op die verskaffing van verversings aan vreemde skepe, het die Politieke Raad egter in die meeste gevalle wel aan die skippers die reg verleen om vleis en groente van die burgers in te koop.

Die rustigheid van die lewe aan die Kaap het skielik plek gemaak vir groot opgewondenheid toe ’n onbekende skip op 19 Augustus 1725 sy opwagting in Valsbaai gemaak het. Dit het later geblyk die Engelse smokkelskip die *Grooten Alexander* te wees. Die Politieke Raad het onmiddellik ’n vaandrig met 50 soldate na Simonsbaai gestuur. Twee afdelings burgers is ook na Simonsbaai en Hottentots-Holland gestuur om te verhoed dat die skip se bemanning aan land kom of dat verversings na die skip geneem word. Nadat die toestand vir ’n paar dae gespanne gebly het, het die skip teen die aand van 22 Augustus vertrek.

Gedurende 1727 het die Here Sewentien vyf Engelse duikers na die Kaap gestuur om in Tafelbaai en Saldanhabaai na geld en ander goedere in skeepswrakke te soek. Hoewel ’n hoeveelheid geld en ander voorrade uit die wrakke gehaal is, het die onderneming nie veel sukses opgelewer nie, omdat die wrakke reeds gedeeltelik met sand bedek was.

Die Raad het voortdurend aandag gegee aan metodes om die skeepvaart te beveilig. So byvoorbeeld het Jacobus Moller en Jan de Heere in 1732 opdrag ontvang om Tafelbaai, Simonsbaai en Saldanhabaai op te meet en nuwe kaarte daarvan te teken. Volgens hul verslag het laasgenoemde twee baaie heelwat gebreke had, terwyl Tafelbaai steeds die geskikste hawe was. In die vroeë 1740’s is egter bepaal dat alle skepe gedurende die wintermaande in Simonsbaai in plaas van Tafelbaai moes anker. Terselfdertyd is begin met die bou van ’n seehoof in Tafelbaai.

Talle skepe het aan die ruwe Suider-Afrikaanse kus, selfs in Tafelbaai, vergaan; ander het in storms op see verdwyn, of as wrakstukke op vreemde strande uitgespoel. Van die oudste en mees gehawende skepe wat nie meer geskik was vir nog ’n vaart nie, is aan diens onttrek en uitmekaar gehaal. Alles bruikbaars is gewoonlik later tydens ’n “*publicque Vendutie*” verkoop om so die Kompanjie se geldkas aan te vul.

Ekspedisies na ander gebiede in suidelike Afrika

Indien daar om welke rede ook al ’n behoefte was om ’n tog, hetsy landwaarts of seewaarts te onderneem, is sodanige voorneme tydens ’n Raadsvergadering aangekondig, waarna soms tussendeur berig is oor onder meer die vordering wat met die reisplanne gemaak word, en die voorrade en mense wat daarvoor benodig is. Wanneer die ekspedisie ten einde geloop het, is gewoonlik hieroor aan die Politieke Raad verslag gedoen. Die dagregisters wat tydens sulke togte gehou is, was noodsaaklik vir deurlopende verslagdoening. Tans is hierdie dokumente van groot geskiedkundige en ander belang.

Daar is binnelandse ekspedisies gereël om onder andere met Khoi-hoofmanne ooreenkomste te sluit en vee te ruil, die land te verken met die oog op verdere gebiedsuitbreiding, of om die lewensvatbaarheid van beoogde ondernemings te bepaal. Goeie handelsvooruitsigte en gesonde wins was vir die Kompanjie van deurslaggewende belang en moes voorrang geniet. Daar was gereeld togte langs die Afrikaanse kus: weswaarts na Loanda in Angola of ooswaarts na Terra de Natal en Rio de la Goa, of na eilande soos Madagaskar en Mauritius om ’n verskeidenheid handelsitems, onder andere slawe, te bekom.

Enkele togte in die Resolusies genoem

Die volgende is enkele van die vele togte oor land en op see, waarna daar in die Resolusies verwys word:

- Pieter Cruithoff se landtog benoorde die Kaapse nedersetting (10 Januarie 1670, C. 5; 28 November 1672, C. 8);
- Oloff Bergh se landtog na onderskeie Khoi-volke of -'naties' (1 Oktober 1699, C. 23);
- die tog na Madagaskar en Mauritius (5 Julie 1712, C. 29);
- die tog na Rio de la Goa en Terra de Natal (31 Desember 1720, C. 55);
- vaandrig Beutler se binnelandse reis (1 Februarie 1752, C. 130);
- Hendrik Hop en Jacobus Coetzee se reis na Namakwaland (30 Junie 1761, C. 139; 23 November 1762, C. 140);
- Joachim van Plettenberg se reis (26 Mei, 1 September en 1 Desember 1778, C. 156);
- verslag van die landtog na Bruintjeshoogte in die Oos-Kaap (7 September 1792, C. 207; 12 Augustus 1793, C. 217).

VOC-handelspos/-fort by Rio de la Goa, Mosambiek (1720-1729)

Die besetting van Delagoabaai deur die Kompanjie was ’n belangrike onderneming. In 1719 het die Here Sewentien besluit om ’n handelspos aldaar op te rig, en die Kamer van Amsterdam het ’n ekspedisie uitgerus om dit te gaan stig. Die nuwe nedersetting sou onder die administrasie van die Kaap staan. Alle belangrike hofsake moes aan die Kaap verhoor word, en in alle sake behalwe die mees onbeduidende, kon by die Raad van Justisie aan die Kaap appèl aangeteken word.

In November 1720 het die ekspedisie in Tafelbaai aangekom. Die opperhoof, Claas Nieuwhof, is egter kort na sy aankoms aan die Kaap oorlede en op 3 Desember 1720 het die Politieke Raad Willem van Taak, klerk van die Politieke Raad aan die Kaap, as sy opvolger aangewys. Die ekspedisie het die Kaap op 14 Februarie 1721 verlaat en op 29 Maart hul bestemming bereik. Hulle het kamp opgeslaan op die plek waar Lourenço Marques later verrys het. Met die ekspedisie het dit nie goed gegaan nie, aangesien sestien man tussen 27 April en 31 Mei aan Delagoa-koors gesterf het. Van Taak wat op 31 Mei oorlede is asook sy opvolger, Casparus Swertner, was albei koorsslagoffers. (Vroeëre reisigers in Afrika was onbewus daarvan dat ’n bepaalde soort muskiet die draer was van dié dodelike koorssiekte, tans as malaria ‘ongesonde lug’ bekend.) Daarbenewens is die nedersetting op 19 April 1721 deur twee seerowerskepe aangeval en oorgeneem. Die landbou het ook nie aan die verwagtinge voldoen nie, en die oeste het misluk. Vanweë die ernstige teenslae is die plek se naam na Fort Lijdzaamheijd verander.

Die Goewerneur en Raad aan die Kaap het die nedersetting as gevolg van al die probleme heel negatief bejeën en dit telkens gestel dat dit ’n veel groter las as bate vir die Kompanjie was. Na vele ontberings, terugslae en groot lewensverlies, word die Politieke Raad gelas en daartoe gemagtig om die gemelde handelspos op Rio de la Goa op te breek en te verlaat (15 November 1729, C. 84).

Britse oorname van die Kaap die Goeie Hoop

Finansiële en handelsteenslae te midde van groot politieke teenstellings (die oorlog tussen Nederland en Engeland, 1780-1784; die Groot Revolusie wat in 1789 begin het in Frankryk, wat oorlog teen Engeland en ook die Nederlandse Republiek verklaar het), het die VOC gedwing tot besuiniging en herorganisasie. Nadat kommissarisse-generaal S.C. Nederburgh en S.H. Frijkenius in Junie 1792 aan die Kaap gearriveer het, het hulle bepaalde veranderinge ingevoer. In 1795 het soldate van die revolusionêre Frankryk Nederland beset en ’n Bataafse Omwenteling moontlik gemaak; die erfstadhouer Prins Willem V vlug na Engeland.

Op 11 Junie 1795 vaar ’n Engelse vloot onder aanvoering van admiraal Elphinstone en generaal Craig, Simonsbaai binne. Kommissaris Sluysken en die Politieke Raad weier om die Kaap oor te gee, maar is militêr swak. Na ’n maand van skermutselings by Muizenberg behaal die Engelse finaal die oorwinning. Op die laaste bladsy van die laaste band waarin die Resolusies van die Politieke Raad versamel is (C. 231), verskyn die in Engels en Nederlands geskrewe voorwaardes vir oorname wat op 16 September 1795 onderteken is.

Die Vereenigde Oostindische Compagnie is in 1799 deur die regering van die Bataafse Republiek opgehef.